

WILHELM VERWOERD

Datum: 11 Junie 2010

Plek: Stellenbosch

Vraagsteller (V): Lize-Marié van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit

Antwoordsteller (A): Wilhelm Verwoerd | geoloog | Marion 22 | 1965+

V: Die eerste vraag is: hoe het u betrokke geraak by Marion-eiland?

A: Ek was destyds 'n geoloog by die Geologiese Opname in Pretoria, in die Departement van Mynwese, en my onmiddellike hoof was Dr L.E. Kent, Dr Leslie Kent; hy het baie belang gestel in Antarktika. En die Direkteur van die Geologiese Opname was Dr F.C. Truter; hy't ook baie belang gestel in Antarktiese navorsing. Om die waarheid te sê, hulle was waarskynlik al twee lede van die SASCAR ... SAS ... Wat is dit ... ? Die SANKAN ...

V: SANKAN ... SASCAR ...

A: ... kommittee.

V: Dit het bietjie baie verander oor die jare, daai akroniem!

A: Nee maar goed, dit was die Suid-Afrikaanse Nasionale Kommittee vir Antarktiese Navorsing.

V: SANCAR, ja.

A: Ja. Nou dit het hoofsaaklik gegaan oor Antarktiese navorsing by SANAE, en die geoloë was van die begin af daar betrokke, hoewel weerkunde was waarskynlik die hoofklem. Maar omdat dit 'n onbekende gedeelte van Antarktika was, het daar van die begin af geoloë saamgegaan. Ek dink die eerste ou was Vic von Brunn.

V: Ja.

A: Van die Universiteit van Kaapstad. So hulle het 'n kans gegee aan jong manne wat die uitdaging wou aanvaar en wat gekwalifiseer was om geologie te doen. En dit het oor die jare 'n taamlike uitgebreide program geword. So in SANKAN was daar altyd geologie as 'n belangrike afdeling. Maar om een of ander rede het hulle nooit daaraan gedink om Marion-eiland, of selfs Bouvet-eiland, in te sluit by die navorsing nie. En sover ek dit het, was die eintlike persoon wat die eerste keer 'n wetenskaplike program op Marion-eiland wou hê, of 'n ekspedisie soontoe wou organiseer, was Prof Van Zinderen-Bakker.

V: Senior, ja.

A: Van Zinderen-Bakker Sr, by die Universiteit van die Oranje-Vystaat. So ek dink die inisiatief het van sy kant gekom. Hy sê ook in sy herinneringeboek dat hy 11 jaar lank gemotiveer het voordat hy hulle uiteindelik kon oortuig dat hulle biologiese werk gaan doen, want biologiese werk was natuurlik nie van belang in Antarktika nie ... !

V: Daar's baie min biologie!

- A:** Daar's nie eintlik ... behalwe nou die pikkewyne en so aan. Maar ... So hy het toe uiteindelik daarin geslaag om 'n projek goedgekeur te kry, wat natuurlik, net soos die Antarktiese program, ook deur die Departement van Vervoer georganiseer en geondersteun en gefinansier sou word, maar met SANKAN, die nasionale wetenskaplike kommittee in beheer van die wetenskap. Nou ek dink dat, op daardie stadium, het Dr Kent of Dr Truter waarskynlik besef dat dit ook vir die geoloë feitlik onbekende terrein is, wat ge-eksplorieer behoort te word. Ek is nie seker of Van Zinderen-Bakker dalk gevoel het geologie is belangrik as 'n adjunk tot die biologie nie – dit kan wees dat hy die inisiatief geneem het, maar ek het so 'n vermoede dat die geoloë ewe skielik besef het maar as daar 'n biologiese ekspedisie afgaan, hier is ons kans om ook die geologie te doen. En ek het toe die kans gekry. Ek het toe alreeds 10 jaar ondervinding gehad in die Geologiese Opname – ek dink ek was Senior Geoloog – en my onmiddellike hoof, Dr Kent, het waarskynlik vir my daarvan vertel. En ek dink ek het *gevolunteer*. Ek dink ek het gesê nee, dit ...
- V:** Heel moontlik!
- A:** My doktOrsgraad was agter die rug, en op daai stadium het ek waarskynlik gesoek vir 'n nuwe uitdaging. En ek het ... Dit kan wees dat hulle vir my eenvoudig opdrag gegee het om dit te gaan doen, maar ek dink nie so nie. Ek dink ek het die kans aangegryp om aan hierdie ekspedisie deel te neem onder Van Zinderen-Bakker. Maar ons het besef dat een geoloog kan dit nie alleen doen nie; hulle sal nog ene moet aanstel. En die persoon wat toe aangestel is, was Otto Langenegger, wat pas teruggekom het van Antarktika; hy was 'n geoloog by die 1964 seker, of miskien '63, ekspedisie na Antarktika ...
- V:** Dit was '64.
- A:** En hy was besonder goed gekwalifiseer vir die doel, want sy ... hy was nie 'n geoloog nie; hy was ... Ek dink hy het geologie op universiteit gehad, en toe oorgeskakel na ingenieurswese, so sy graad was 'n BSc Ingenieurswese-graad in siviele ingenieurswese, met die gevolg dat hy het meer geweet van landmeetkunde ...
- V:** O, oukei; ja.
- A:** Hy't geweet van hoe om 'n teodoliet te gebruik, terwyl ek nie daai ondervinding gehad het nie. So sy geologiese kennis was wel van belang, maar soos dit later geblyk het in die ekspedisie, was hy hoofsaaklik verantwoordelik vir die landmeetkunde.
- V:** O, oukei.
- A:** En ons twee het goed saamgewerk. Ons twee het toe die hele drie maande wat ons op Marion was, saam gekampeer en saam gewerk en saam om die eiland gestap, en saam die ... So ons het baie nou saam gewerk.
- V:** Het u hom vooraf geken?
- A:** Ek het hom nie vooraf geken nie, nee.

- V:** Op die skip eers ontmoet basies?
- A:** Ons het waarskynlik ... Nee, met die voorbereidings. Ons sal bietjie gesels oor al die voorbereidings wat ons moes tref voor ons na ... Maar dit is hoe ek betrokke geraak het. ... Ja, kom ons praat oor die ... jy weet, wat ons toe gedoen het om onself voor te berei vir die ekspedisie, want dit was 'n nuwe tipe ondervinding. Niemand het nog tevore ... kon ons veel vertel ... Die enigste persoon wat ons 'n bietjie kon vertel van Marion-eiland, was Mnr Hannes le Grange.
- V:** Ek wil net gou vra: het u geweet dis 'n vulkaniese eiland, van vulkaniese oorsprong?
- A:** Ja. Nee, dit was darem bekend. Daar was al enkele ... En dit word in die boek genoem, die enkele vorige Suid-Afrikaners wat daar was – Truswell was daar; en Abbott het monsters geondersoek. So daar was klein bydraetjies gewees.
- V:** Maar dit was nou niks gekoördineer nie?
- A:** Nee wat, geen ekspedisie. So die veld was oop. Dit was 'n onbekende eiland, behalwe dat dit nou al lankal bekend was dat hy vulkanies was.
- V:** En toe't julle met Hannes le Grange 'n bietjie gaan praat?
- A:** Ja, ek onthou dat ek met hom 'n onderhoud gaan voer het en gesê het hoe moet ons dit aanpak; jy weet, hoe groot is die eiland; en wat is die toestand, en so aan. En ek dink ek het maar net een of twee keer met hom te doen gehad daarso.
- V:** Kan u onthou watter soort raad hy gegee het?
- A:** Ag, hy't ons seker maar vertel van die muise, jy weet, wat so oor die hele eiland versprei is, en van die skuas, en sulke soort van goed. En van die weerstoestand ... So ons het darem 'n idee gehad. Die ander ding wat ons gedoen het – wat ek persoonlik gedoen het – was om die boek oor Gough-eiland, die Gough-eiland ekspedisie, te lees – “Mountains in the ... “
- V:** Daai boek van Martin Holgate?
- A:** Ja, Holgate, en Heaney dink ek was die ander ou. ... “Mountains in the Sea”. En dit het vir ons 'n goeie idee gegee van hoe mens so 'n ekspedisie kan aanpak; hoewel ek het later uitgevind dat Gough-eiland is heeltemal 'n ander storie. Dis 'n baie moeiliker eiland – hy's toegegroe en so aan, so daar's ... jy weet, die topografie is baie moeiliker, hoewel die eiland kleiner is. Ek het op 'n later stadium ook net saamgegaan na Gough-eiland, maar nie werk daar gedoen nie. So daai boek het vir ons gehelp om te beplan. Ons het gesien hoe hulle hulle ekspedisie beplan het, die Engelse, en wat hulle gedoen het. En hulle het ook 'n kaart gemaak – want ons het baie gou besef dat daar is nie 'n betroubare kaart van die eiland nie; slegs die oostelike helfte was gekarteer, deur Alan D. Crawford in 1948 – ons het daai kaart gehad, maar dit was nie ...
- V:** Hoe noukeurig was daai kaart? Want hy't ook maar baie ...

- A:** Ja, dit was nie in groot detail nie, maar hy't darem die vernaamste koppe op hierdie deel van die eiland, het hy gehad. En hy't driehoeksmeting gedoen ...
- V:** Ja, maar sover ek verstaan was hy nie regtig opgelei om driehoeksmeting te doen nie ...
- A:** Hy't homself ingewerk daarin blykbaar, voor hy op Tristan de Cunha (was), en hy't die kaart van Tristan de Cunha gemaak, die eerste behoorlike kaart. So hy't homself opgelei as 'n landmeter, en hy't toe later eintlik meer 'n weerkundige geword.
- V:** Ja.
- A:** Ek het Alan Crawford ook gaan besoek toe hy ... Hy was Port Meteorological Officer in Kaapstad; weerkundige in die hawe. Ek dink dit was na ons ekspedisie. Toe het ek gedink ek moet darem met hom ook kontak maak. En hy was toe baie behulpsaam deurdat hy vir my sy notaboeke geleen het – en voor ons die hoofstuk vir die boek opgeskryf het, kon ek toe gebruik maak van sy waarnemings wat hy in sy notaboeke gehad het, en dit word beskryf in die hoofstuk. So hom het ek ook ontmoet. Ja, net vinnig; ek dink dit was net 'n vinnige besoek in sy kantoor, so ek het nie vreeslik baie met hom gepraat nie, en dit was eintlik ook ná ons ekspedisie.
- V:** Maar toe julle nou nog voorberei vir julle ekspedisie, het hulle vir julle klere gegee?
- A:** Ja, die Departement Vervoer was verantwoordelik daarvoor – ek dink dit was Mnr Dirk van Schalkwyk, wat toe nog ... ek dink hy was aan die hoof van die Antarktiese deel van die ... En ek dink dit was 'n belangrike deel van die Departement Vervoer. Hulle het vir ons uitstekende toerusting verskaf hier in Kaapstad. Om die waarheid te sê, ons kon na ... Wat is daai winkel? Cape and ... Hulle het vir ons na 'n sekere winkel toe gestuur wat gespesialiseer het in sulke soort goed.
- V:** O?
- A:** Hy bestaan vandag nog.
- V:** Cape Union Mart?
- A:** Cape Union Mart, ja.
- V:** Werklik?!
- A:** Ons het by Cape Union Mart meeste van die goed gaan aanpas en gaan koop wat ons nodig gehad het, en ander goed het hulle vir ons uitgereik. Daar was 'n voorraadstoor in Kaapstad waar die goed uitgereik is. Nou dit was alles, van sokkies tot stewels tot *gumboots* tot onderklere tot reënbaadjies ...
- V:** En die dik truie ... ?
- A:** En ek dink ook die rugsakke; ek dink die rugsakke het hulle ook vir ons voorsien. Hulle het alles vir ons voorsien. So al die fisiese ... die klerasie en die toerusting wat ons nodig gehad het, is voorsien. Dit het natuurlik later weer gebeur in 1981 toe ek weer af is na ... Toe't ons weer

nuwe goed gekry, en dit was ... Nou ek raak 'n bietjie deurmekaar om te onthou wat was nou in 1965. Daai ou groen kepsies was deel van 1965, maar in '81 het hulle vir ons net so goed toegerus, en van daai klerasie en goed het ek nou nog; dra ek eintlik nou nog – woltruie en wolonderklere en reënbestande klerasie en hoedjies en sulke goed.

- V:** En toe't julle kospakkies en goed sommer al hier voorberei, soos ek verstaan?
- A:** Nou dit was 'n probleem wat ons as geoloë gehad het wat die bioloë nie gehad het nie. Die Departement Vervoer het natuurlik ook gesorg vir al die kosvoorrade by die basis vir die weerkundiges – die weerkundige span wat 'n jaar daar bly – en ons is toegelaat om daarvan gebruik te maak. So dié wat by die basis tuisgegaan het en hulle werk daarvanaf gedoen het, het nie nodig gehad om te sorg vir hulle eie kos nie.
- V:** Maar julle was seker al gewoond daaraan van ander geologiese ekspedisies?
- A:** Wel, nie eintlik nie. Nee kyk, in Suid-Afrika het jy nie daai probleem nie. Jy's darem altyd naby 'n ...
- V:** Opstal of 'n ding?
- A:** Ja, of by winkels, waar jy goed kan koop en so aan. Maar ons het geweet ons sal op Marion, sal ons vir onself moet sorg as ons wil veldwerk doen. Want ons het gedink ons sal nie baie tyd by die basis spandeer nie ...
- V:** Ja.
- A:** Ons sal hoofsaaklik moet kampeer. Nou Prof Van Zinderen-Bakker het weer gesorg vir die tentjies.
- V:** Ek hoor dit was nogal spesiale tente?
- A:** Dit was spesiale Alpe-tente dink ek, wat baie windbestand was. Hulle was ronde tentjies, tweeman-tentjies, met aliminiumpaaltjies en dubbele seil – weet, 'n tweede een bo-oor om dit reënbestand te maak. En daai tentjies het uitstekend aan hulle doel beantwoord. En hy't ek dink vier van dié goed in Holland gekoop, of Switserland, maar in Europa in elk geval. En dit het hy voorsien. En ons sou ... daarsonder sou ons nie ver gekom het op Marion-eiland nie, want dit was noodsaaklik. Hulle was liggewig. Ons moes natuurlik alles op ons rug dra. Daar was nie helikopters nie; daar was geen manier van vervoer nie. Daar's nie perde wat jy kon ... of donkies wat jy kon gebruik op Marion-eiland nie, so ons het vooraf besef dat ons sal alles op ons rug moet dra.
- V:** Nou het julle bietjie ekstra oefeninge hier gedoen om fiks te word?
- A:** Ek dink nie so nie; ons was redelik fiks in daai stadium ... ! Om die waarheid te sê, Otto Langenegger was 'n fris kêrel; ek het maar gesukkel om by te bly partykeer by hom. Maar ons het groot rugsakke gedra, want wat ons voor moes sorg, was ons instrumente. En dit was 'n driepoot, 'n groot driepoot, met 'n teodoliet, en dit is wat ons meestal moes in die veld

gebruik vir die opmeting. En dan natuurlik 'n taamlieke swaar hamer (waarmee) ons rotsmonsters moes versamel, en ons het rotsmonsters op ons rug gedra in die (rugsakke). En dan moes ons ons kos ook saamdra, en ons tentjies en ons slaapsakke.

V: Oei!

A: So dit was 'n swaar pak, waarmee ons ... En daarmee het die weerkundiges op Marion ons nogal gehelp; hulle het ons heelwat gehelp om ons kospakkies byvoorbeeld vooruit te gaan *stash*, wat ons sê.

V: Kan u enige van hierdie weerkundiges se name onthou?

A: Ja, ek het die hele span se name het ek hierso. Die ouens wat ons die meeste ... Die ou wat vir ons die meeste gehelp het, was Louwtjie de Beer. Louwtjie de Beer was nie 'n weerkundige nie; hy was die mediese ordonans wat op die eiland gestasioneer was. En hy het ... Ek kan miskien 'n bietjie oor hom praat, want hy was die ... Hy het nie weerkundige pligte gehad, om waarnemings te maak, so hy kon wegkom van die basis af.

V: En die mense het seker nie baie siek geword in daai omgewing nie?

A: Nee wat, hy't nie veel te doen gehad nie; met ander woorde hy't nie veel te doen gehad nie. En hy't gehou daarvan om om die eiland te stap. Om die waarheid te sê, sy *pet subject* ... Hoe sal ek nou sê ... ? Sy plan was dat hy wil graag daardie robbejagters se hut – en ek dink dit was die ene by Cape Davis ...

V: Ja?

A: Hy wou dit gaan weer opbou en dan wou hy daar 'n nag slaap. En dit is wat hy toe gedoen het. En die foto wat ek het van daardie ou ... want daar't net 'n klomp planke gelê ... En dit was Louwtjie de Beer se idee om saam te stap tot daar. En hy't vir ons gehelp dra en goed afgelaai by ons eerste depot. En toe't hy 'n nag in sy ... Hy't toe sy ... die planke aanmekaar geslaan en vir hom 'n hut gemaak en 'n nag daar deurgebring.

V: Lekker!

A: Dis wat ek van Louwtjie onthou!

V: Waarvandaan het hy gekom?

A: Kyk, hy was mediese ordonnans. Ek is nie seker of hy uit die Weermag uitgekom het nie. Ek het so idee hy was 'n Weermagman, 'n Weermagmannetjie gewees. Maar hy was 'n gawe kêrel. Hy't ook vrywillig aangebied om meeste van die kookwerk te doen in die basis. Terwyl die ander ouens besig was met hulle weerkundige waarnemings, het hy ... was hy bereid om te sorg vir die kosmakery.

V: Klink na 'n maklike ou om mee saam te leef.

A: Ja-nee, hy was. Goed, dit is nou Louwtjie. En dan die ander was ... Die leier van die groep was 'n jong man, Theo von Ludwig, en ek dink hy was later ook in die Weerburo; het hy gevorder.

Wolfie Wolfaardt was die weerkundige; Visage, Willie Visage – Willem, dink ek – was die radio-operateur, en Stevie Quinn was ook 'n weerkundige. Nou hulle het ons so van tyd tot tyd gehelp om die goed so vooruit te dra. Maar ek wil graag 'n bietjie vertel oor die kospakkies wat ons vooraf ...

V: Ja, ek wil graag hoor!

A: Dis nou miskien interessant – my vrou onthou ook hoe sy gehelp het om die goed bymekaar te kry. Maar ons het besluit dat wat ons wil doen, is om 'n pakkie op te maak met genoeg kos vir twee man vir een dag. En dit het toe neergekom op 'n pakke van so ... wat omtrent ... 20 cm by 20 by 20 vierkantige pakkies, wat ons met swart plastiek ... want dit moes waterdig wees. En binne-in daai pakkie – nou ons het omtrent 'n honderd van dié pakke gemaak, as ek reg onthou ...

V: Phew!

A: En dis toe saam af ondertoe, en ons het nou elke keer so vyf of ses van hulle by 'n depot vooruit gaan sit waar ons geweet het waar ons gaan kamp, op pad om die eiland, want ons so reg rondom die eiland moes werk. Nou die inhoud van daai pakke het ek nou vir my probeer onthou wat dit alles was. Maar ek weet dat ons het die WNNR geraadpleeg oor geskikte kos, en saam met hulle het ons besluit waaruit dit moes bestaan, met die regte hoeveelheid kalorieë – jy weet, al die nodige diëetkundige goed het hulle gedoen. Maar hulle het blykbaar ondervinding gehad om sulke goed vir die Leër ook te beplan. En dit het bestaan ... Die basiese ding was hondebeskuitjies, of ...

V: Hondebeskuitjies? Regtig?!

A: Nee, lewer ... Ek moet nou nie so sê nie. Dit het gelyk soos hondebeskuitjies! Maar dit was ...

V: Iets soos Provitas of so iets ...

A: Nee, nee. Dit was sulke hard, vierkantige beskuite wat in die Leër gebruik is. En ons het die hondebeskuit genoem, want dit het gelyk soos hondebeskuit wat mens daai tyd gekry het. Maar dit was nogal lekker. En dit in plaas van brood, né – ons kon nie brood saamvat nie; dit sou nie gehou het nie.

V: Nee, dit so gemuf het.

A: Maar hierdie *army biscuits* – dit was *army biscuits* – dit het hulle voorgeskryf. Ons het besluit dat ons darem ... Ons moes die gewig in ag neem – dit moes so lig as moontlik wees – maar ons wil darem een blikke vleis ook insluit by die pak per ... sodat ons darem een maaltyd met ... weet, 'n blikkie moes oopmaak vir die vleis. En daar was ... Om dit te varieer, onthou ek, het ons drie verskillende soorte blikkies aangekoop: die ene was *meatballs* en sous – met ander woorde frikkadelletjies en sous; dan was daar ene met 'n kerrieregereg – ek dink dit was breyani; en die derde een dink ek was maar beesvleisblokkies, ook in sous, of so iets van die

aard. So ons het die pakke gemerk; so hierdie een het frikkadelle in en daardie een het kerrie in en daardie een het dít – so ons kon dit so uitkies. Dit was die hoofgereg.

V: Maar wat was nou die lekkerste gewees?

A: Ek onthou nou die frikkadelle in sous en ek onthou die breyani, dat dit was lekker gewees. Ek dink ons het ook pakkies rys ... Nou goed, dit het ons nou in klein hoeveelheidjies verdeel, sodat dit net genoeg was vir een maaltyd. Ons het natuurlik sulke aliminiumbakkes gehad wat ons kon dit in warmmaak. En – wat nogal verbasend is – ons het nie in daai tyd geweet van hierdie Blew-it gasbrandertjies nie. Ons het Handigassilinders saam met ons gedra – hierdie klein ronde, swaar ... Dis 'n swaar ding.

V: Ja, ja. Swaar ding, ja.

A: Dit was omtrent die swaarste ding wat ons ook saam moes dra, Handigassilinders. En ek kan nie onthou of ons hulle laat vul het by die basis, of wat ook al nie, maar ons het ... Elke een ... Ons het natuurlik net een saam met ons gedra, en dan was daar seker 'n spaar een. Dit was 'n swaar item om te dra. Nou die ander goed wat in die pakkie was ... Wat ek baie goed onthou, ons het vooraf, in plastieksakkies, het ons vir ons vir ons koffie, suiker en melkpoeier gemeng.

V: Ag lekker; bietjie boeretroos.

A: Ja-nee, koffie was belangrik. Maar ons het dit vooraf gemeng gehad, so jy het net nodig gehad om kookwater by te gooi en te roer, en dan het jy jou koffie. En dis nou sentiment. Ons het só gewoon geraak aan daai koffie, dat toe ons ... dat toe ek later terug is in Suid-Afrika, toe't ek vir my vrou vertel dit was die lekkerste koffie; ons moet dit hier ook doen. En toe ons dit hier gedoen het, toe was dit glad nie so lekker nie!

V: Ja, ek kan dink! Koffie is net lekker as mens rêrig koud kry of ... Daai soort koffie.

A: Maar in elk geval, dit was 'n heel suksesvolle resep gewees. Dan was daar natuurlik multivitamientablette. Laat ek net dink wat nog ... O ja, ontwaterde groente – so 'n plastieksakkie met ontwaterde ertjies en boontjies en goed, wat jy ook net kon warmmaak.

V: Waar het julle die water gekry, of het julle maar gesorg dat die kampplekke naby vars water is?

A: Ja, ons het maar plekke gesoek. Partykeer was dit 'n probleem. Daar's dele van die eiland wat nogal droog is, en ons moes partykeer water skep uit poeletjies. Daar was net ... Maar gewoonlik, jy weet, daar't so baie gereën ...

V: Ja ...

A: Dat daar was omtrent altyd 'n afloop gewees en lopende water wat ons kon kry. Ek weet daar was 'n paar plekke gewees waar ons gesukkel het, dat ons, jy weet, eers die water gekook het voor ons dit gebruik het. Maar dit was nie 'n groot probleem nie. So die kospakkies het vir ons weke lank besig gehou om dit alles vooraf gereed te kry, toe te plak met plastiek en dan ...

- V:** Nou het hulle darem 'n klein kannetjie whiskey ook saamgevat?
- A:** Laat ek nou dink ... Nee, ek kan nie onthou dat ons ... Ek dink nie ons het alkohol gebruik nie. Ek dink nie so nie.
- V:** Maar seker dan nou net op basis ...
- A:** As dit nou op my ouderdom nou is, dan sou ek definitief gesorg het vir rum, of so iets! Of whiskey of so iets. Maar ek dink nie ons het dit gehad nie, nee.
- V:** Nee.
- A:** Wat nog? Dit was die beskuitjies en die koffie en die groente en die vleis en die vitamienpille ... En dan die toiletpapiertjies en ...
- V:** En die muis? Het hulle nooit die kospakkies ontdek nie?
- A:** Ja, dit het gebeur. Ons het gevind die hele eiland was vol, was beseën met muis – klein muisies, klein veldmuisies – maar by baie van ons kampplekke het ons in die nag gevoel hoe die muis oor ons loop, selfs oor jou gesig!
- V:** Dis grillerig.
- A:** Dis 'n bietjie grillerig, maar ons het dit gewoon geraak. En ek het in my dagboek aangeteken dat ons by een plek binne 'n halfuur vyf muis gevang het met 'n muisvalletjie – ons het 'n muisvalletjie ook gehad; vyf muis, dan gooi julle hulle maar net weer uit.
- V:** En katte? Het julle katte gesien toe julle so rondgeloop het?
- A:** Kyk, die katprobleem het later gekom. As ek reg onthou, dan was daar in '65 'n kat by die basis, of miskien meer as een, om die muis te probeer ... En dis hoe die katte op die eiland beland het – hulle is ingevoer om die muisplaag te probeer ... Hulle was veronderstel om die muis te vang, maar toe't hulle nie die muis sodanig gevang nie; hulle het eerder ...
- V:** Voëls gevang ...
- A:** ... die voëls gevang wat ondergrondse neste gehad het. En hulle het omtrent daai ondergrondse voëls uitgeroei.
- A:** En dit was toe later 'n groot probleem. Maar dit het ná 1965 gekom. Ons het nog van die nagvoëls ge- Daar was nie vreeslik baie van die nagvoëls nie; daar was baie meer op Prins Edward-eiland toe ons daar gekom het – 1948 word beskryf hoe die nagvoëls elke nag as dit mistig is uitgekom het en hulle konsert gehou het; dit was glo iets wonderliks. Maar goed, so die katte was nog nie 'n probleem in 1965 nie. Ja, ek nou al 'n bietjie gepraat oor ons ondervindings op die eiland ...
- V:** Het die katte wat op basis was name gehad, of was hulle troeteldiere of nie rêrig nie?
- A:** Nee wat; hulle was maar sommer so eintlik in die kosstore en goed ... het hulle hulle tuisgemaak, waar die muis ook was natuurlik. So hulle het waarskynlik muis gevang ... Maar

ek onthou nie die katte baie goed nie; een of twee katte wat daar was ... onthou ek nie eintlik baie goed nie.

V: En Oubaas, die hond?

A: Ja, wat ek nou goed onthou, was die een troeteldier wat daar was, was 'n hond. Sy naam was Oubaas. Hy was so ... Hy was óf 'n Rhodesiese *ridgeback* óf 'n boerboel of 'n kruising tussen die twee – so 'n ligbruin, stewige ... Eintlik was hy maar 'n ou vet, lui hond – hy was 'n huishond; hy't nie saam met ons veld toe gegaan nie. Maar dit het een of ander van die vorige ... Ja, ek het nou gehoor hy was 10 jaar lank op Marion-eiland.

V: Ja, hy was lank gewees; ja.

A: Hy was lank op Marion ... Een van die vorige weerkundige spanne het hom daar aangebring as 'n troeteldier.

V: Was dit toe Van Zinderen-Bakker Junior wat hom weer afgehaal het?

A: Ek dink so. Ek dink hulle het hom toe ... Hy't toe al oud geword, né, en hulle het hom toe maar Suid-Afrika toe gebring. Maar ek glo nie hy was baie gelukkig in daai klimaat op daai basis nie.

V: Ek hoor hulle het hom baie tjoklits gevoer ... Kan u so iets onthou?

A: Ja, sulke ... Dit was ook een van die misbruike gewees – die ouens het nie geweet dis eintlik sleg vir 'n hond nie.

V: (Ja.)

A: Dan was daar natuurlik ander goed op die eiland. Daar was skape. Die skape is ook deur 'n vorige ... Kyk, miskien moet ek dit net noem: die persone wat ons almal bewus gemaak het van die feit dat Marion-eiland eintlik 'n ongerepte eiland is, of behoort te wees, en dat daar nie vreemde plantegroei en diere en insekte ... en al sulke goed moet weggehou word van die eiland, was Prof Van Zinderen-Bakker.

V: Senior nou?

A: Ja. En ek dink hy moes baie oortuigingswerk gedoen het by die Departement Vervoer en dié wat nie wetenskaplikes was nie, want jy weet, dit is seker maar menslik as jy 'n plek koloniseer, of jy rig daar 'n basis op, dan plant jy bome dat daar kan skaduwee kom, en jy bring skape soontoe dat daar vleis kan wees, en jy bring hoenders soontoe dat daar eiers kan wees. En jy doen alles, weet, om dit vir die mens makliker te maak. En ek sien in sy herinneringe maak hy nogal 'n punt daarvan om die wilgerbome – die stompe wat daar geplant is, moet weg.

V: Ja.

A: Ek onthou die wingerdstompe ... Hulle het maar gesukkel, maar 'n wilger groei mos eintlik baie maklik. En dit is toe verwyder.

- V:** Nou met daardie wind, watter soort boom sal kan groei?
- A:** Ja, teen daai wind ... Daar kan in elk geval nie hoë bome groei nie ... in daai klimaat kom nie. Maar natuurlik, daar het op Marion-eiland, insekte en allerhande plaë het geleidelik versprei, en dit was die groot ding waarmee die bioloë hulle bemoei het.
- V:** En die skape was daar?
- A:** Maar die skape ... Ek het nou al amper vergeet, maar ons het so elke 14 dae 'n skaap geslag, om vars vleis te hê. Maar die meeste van hulle ... Ons het nie veel van hulle gesien nie, maar ek dink tog ek onthou so 'n klein troppie skape wat basis toe gebring was. Maar hulle het afgedwaal; hulle het oor die hele eiland versprei, en baie van hulle se geraamtes is later gevind in die moerasse. So dit is bekend.
- V:** Ja ... Want 'n skaap se pootjies sak seker lekker in 'n *mire* in ...
- A:** Ja, dit was baie moerassig gewees. Die eiland is nou baie droër, verstaan ek, maar hy was daai tyd baie moerassig. Jy't orals waar jy geloop het, het ons maar *gumboots* gedra, behalwe hoër op, waar dit nou droër was.
- V:** Nou het julle soms ingesak ook met daai *gumboots*?
- A:** Ja, maar nou nie rêrig nie; weet, dit was ook een van die dinge waarmee hulle ons bang gemaak het. Hulle het gesê 'julle moet baie versigtig wees; dis gevaarlik, jy sal wegsak soos in welsand!' Maar dit was partykeer lastig om vir jouself uit te trek, en jy't miskien hulp nodig gehad van iemand om jou te help uittrek – een of twee keer wat dit gebeur het. Hulle het ons natuurlik met ander goed ook bang gemaak, soos met die skuas, en gesê, weet, die skuas val die mense aan. En ons het dit ook maar later gewoond geraak. Hulle was aggressiewe voëls, maar ek glo nie iemand het ooit seergekry nie. Verder het ons natuurlik baie plesier gehad aan die pikkewyne en die albatrosse en die ander voëls. Ons het ook foto's geneem en gekyk ...
- V:** So julle was 'n bietjie by die kus langs, die geoloë?
- A:** Ja-nee, ons het heelwat tyd om die kuslangs gespandeer. Ons het ... O ja, goed; miskien moet ek sê ... Dit was nou ... Ja, wat die voorbereidings betref, wou ek nog gesê het ... Die kos was maar een van die dinge; ons het ook kontak gemaak met die Departement van Landmeetkunde by die Universiteit van Pretoria, om 'n bietjie raad te kry oor die opmeting wat ons wou doen. Hulle het vir ons gehelp beplan daaraan. Dit was Dr Page en die ander ou was ... Hulle het belang gestel in die hele ding en vir ons heelwat leiding gegee; en ook na die ekspedisie, na ons taak voltooi was, om die kaart te teken en om die koördinate uit te werk van die verskillende bakens wat ons opgerig het, het ons hulp gekry van die Universiteit van Pretoria. Ek het nou die naam van die ander landmeter vergeet ... Van der Walt; hy was Isak van der Walt.
- V:** (Ja.)

- A:** Isak van der Walt het ook later saamgegaan na Bouvet, op die Bouvet-ekspedisie in 1966. So hy en Dr Page het vir ons daar gehelp. En dan het ons gedink ... Ons het heelwat voorbereidings getref wat gebly het onprakties te wees. Maar ons het gedink om moet probeer ...
- V:** Soos?
- A:** Wel, byvoorbeeld, ons het gedink ons moet in radioverbinding wees met die basis; ons het gedink ons moes radio's saamdra. Maar daar was nie destyds ligte goedjies nie. Ons het kontak gemaak met die Leër by Voortrekkerhoogte en gevra wat gebruik hulle as ... jy weet, om in radioverbinding te wees. Toe't hulle vir ons radio's voorsien. Maar dié radio's het swaar lood en suur batterye gehad. En dit moes ons ook op ons rug dra. En ek dink ons het teen die derde dag, het ons besef dat dit is heeltemal onprakties. Die suur het onder andere uitgeloop en die goed was swaar, en dit ...
- V:** Het dit ooit gewerk?
- A:** Dit het net op siglyn gewerk. Daar was nie destyds radioverbinding wat oor 'n bult kon kommunikeer nie. Daar was nie ligte batterye nie, en ...
- V:** En siglyne is nou maar moeilik op Marion-eiland.
- A:** Ja, dit help jou nie vreeslik baie nie. So ons het daai aspek, het ons nou ook beplan, maar ons het niks daarvan gebruik nie. Ons het op die derde dag, het ons die goed gelos. Ons het ook by hulle opmeetapparaat gekry, of geleen, wat ons moes terugbesorg ... 'n *Range finder* – dis 'n ding wat die Leërmense blykbaar ook gebruik om afstande te meet. Dis ook 'n groot swaar ding wat jy moet dra, en dit het ons net so min gebruik; dit het ons net daar gelos, 'n *range finder*-tipe van afstandmeter –bietjie verouderde tipe van goed wat hulle gehad het. En laat ek net dink watter ander raad ... Jy weet, ons het orals probeer raad kry of hulp kry vir so 'n ekspedisie, want ons het nie ondervinding gehad van so 'n ekspedisie nie.
- V:** Dit was nou net julle as geoloë; dit was nou nie die ekspedisie as geheel nie?
- A:** Dit was niks te doen met nie ... Dit het in Pretoria gebeur; Van Zinderen-Bakker het sy voorbereidings in Bloemfontein getref. Hy't die tentjies gekry, en ja, ek onthou hy't vir ons aanbeveel dat ons moet Alpe-stewels kry, want daar is berge om te klim. En ek moes toe vir hom 'n afdruk gee van my voet se grootte, dat hy die goed uit Holland kan bestel.
- V:** Ja, Alpe-stewels was seker nie volop in Suid-Afrika nie!
- A:** Dit was nie hiér te kry nie! Nouja, dit was groot, swaar stewels, wat ek ook nooit gebruik het nie. Maar dit was duur goed wat hy toe gekoop het ... Ek dink nie een van ons het gebruik gemaak van hierdie groot, swaar Alpe-stewels nie, want dit was toe mos 'n sagte ...
- V:** Ja, dis 'n sagte oppervlakte ...
- A:** ... deel van die ... Dit was nie rotsklimmery nie; daar was nie so iets nie.

- V:** En in terme van die wetenskap self, hoe soort voorbereiding het julle getref? Het julle probleme vooraf opgestel, hipoteses vooraf opgestel, of ... ?
- A:** Ag, ek het 'n bietjie gelees oor vulkanologie, want ek was nie ... Jy weet, vulkanologie is nie in Suid-Afrika 'n belangrike onderafdeling van geologie nie, so ek het die enigste ... Daar was net een handboek op daai stadium – daar's vandag baie handboeke oor vulkanologie – maar die was Rittmann se boek oor vulkanologie. Dié het ek *deurgeswot*, en dit het my baie gehelp om die verskynsels wat ons daar gesien het te interpreteer. Wat ek ook kan onthou, is op die skip, die RSA, in die sitkamer, was daar 'n ... Kyk, dit was 'n Japanese skip, wat aangekoop is. En daar was, in die sitkamer, was daar 'n groot skildery of mosaïek van Fujiyama ...
- V:** O, oukei ...
- A:** So dit was nogal van pas gewees! En die ouens het op die skip, op die pad af Marion toe, het hulle vir my gevra om vir hulle 'n lesing te gee oor – jy weet, om die tyd om te kry – oor vulkanologie, en ek het dit toe na aanleiding van hierdie ... Daar voor die skildery van Fujiyama het ons toe hieroor begin praat.
- V:** Oukei.
- A:** So wat ons gesien het daar was nie heeltemal onverwags nie. Die verskynsels was beskryf, gefotografeer, en ek het ... Soos byvoorbeeld 'n tumulus – maar ek wil nou nie ingaan, weet ... 'n *spatter cone* en 'n tumulus ... en lawakanale en lawatonnels en sulke goed het ek van gewee. En dit het ons alles gesien. Dit was amper soos 'n teksboekondervinding om die vulkanologiese verskynsels op Marion-eiland te sien.
- V:** En in terme van ... Wat het julle gaan doen daar? Het julle vooraf geweeet julle moet net die geologie beskryf, of was daar spesifieke goed wat julle moes beskryf van geologie?
- A:** Ja, dit is ...
- V:** Was dit maar net 'n algemene opdrag?
- A:** Nee, die opdrag was om die eiland te karteer; geologies te karteer. Maar as jy wil geologies karteer ... nou ja, daarvoor het jy lugfoto's nodig, as jy kon kry. En ons kon gelukkig lugfoto's kry uit Engeland, van die Engelse wat Shackletons afgestuur het om lugfoto's te neem in 1960 omtrent. En dié lugfoto's het vir ons gehelp wat die oostelike deel van die eiland betref, maar die westelike deel van die eiland was op die foto's alles toe onder die wolke, soos dit gewoonlik maar is. Daai westelike deel van die eiland is feitlik altyd onder wolke gewees destyds. So daar moes ons maar skets en invul op ons driehoeksmeting. Ons het natuurlik vooraf besef jy kan nie geologies karteer as jy nie 'n basiskaart het om die geologie op in te sit nie. Die lugfoto's help jou nou om die buitelyne in te trek van die formasies, en so aan, maar dit is nie landmeetkundig korrek nie, want 'n kaart is 'n horisontale projeksie, en 'n lugfoto is ... Jy weet, die hoë gedeeltes is nader aan die kamera en die lae gedeeltes is verder van die kamera, so jy kry 'n vergroting van die hoër gedeeltes in vergelyking met die laer. So jy moet

landmeetkunde gebruik – dis hoekom ons teodoliete en goed saamgevat het. En ons eerste taak was dan om 'n behoorlike basiskaart te teken, met bakens daarop, in die regte posisies, waarvan die koördinate bepaal kan word – lengte- en breedtegrade en so aan. Dit het toe op die ou end 'n groot deel van ons tyd in beslag geneem.

V: Ja, ek wou sê, dit klink na 'n geweldige taak!

A: Eintlik die hele tyd, die hele 3 maande wat ons op Marion was, het ons om die eiland gewerk om die basiskaart te voltooi, en dan't ons maar die geologie so tussenin ingeskets. Met behulp van die lugfoto's op die oostelike gedeelte kon ons toe nou later 'n geologiese kaart teken, wat in kleur gepubliseer is.

V: Het julle maar dieselfde proses gevolg op Prins Edward-eiland?

A: Ja. Basies het ons dieselfde proses ... Daar't ons eintlik lugfoto's gehad wat 'n bietjie beter was, want daar was nie so baie wolke nie. So die hele buitelyn van die eiland was korrek. En dit was 'n groot verbetering op enige vorige gepubliseerde kaarte, wat heeltemal verkeerd was. So ek dink die prestasie van ons ekspedisie was in die eerste plek om die eerste behoorlike kaart ... Kyk daar was sketskaarte vooraf gewees deur Hannes le Grange en Bob Rand en die ouens; hulle het sketskaarte geteken, maar dit was nie baie betroubaar nie. Die enigste betroubare gedeelte was Alan B. Crawford se opmeting van die oostelike gedeelte. Nou hy't natuurlik die voordeel gehad van 'n hele span Tristan-eilanders wat hom kon help bakens opsit en help met sy teodolietwerk. Ons was net twee. Ons het alles ...

V: Ja, julle moes al die werk self doen.

A: Ons moes al die werk self doen – vooruit bakens gaan opsit op die koppe en dan terugkom en dit inskiet met die teodoliet.

V: Dit moes geweldig baie klimwerk gewees het ...

A: So ons het baie heen-en-weer ... En dis hoekom dit ou amper 3 maande gevat het om om die eiland te kom. En natuurlik die baie ongunstige toestande. Ek wil vir jou uit my dagboek, wil ek vir jou 'n stukkie lees oor die laaste paar dae op Marion-eiland.

V: Oukei; dis reg!

A: Kan ons daar ... dit gou-gou doen?

V: Ja, ons kan dit gou-gou lees.

A: Kyk, ons het antikloksgewys om die eiland gewerk, met ander woorde ons het by die basis begin, en ons het hier by Cape Davis en Triegaardtbaai en daar om, het ons gewerk. En op die ou end het ons uitgekome hier by Crawfordbaai, **Kaap Hooker** en dan moes ons die sirkel voltooi – ons moes nou aansluit by die bestaande driehoeksmeting, Juniorkop en Fred's Hill. Maar wat ek vergeet het om te sê, is dat as jy wil 'n landmeetkundige kaart met driehoeksmeting maak, dan moet jy heel eerste 'n basislyn opmeet, so akkuraat as moontlik.

In die ou dae het hulle 'n ketting gebruik, of op 'n stukkie gelyk grond 'n ketting of 'n staalmaatband, en dan't hulle nou ... En ons het dit ook gedoen as 'n toets, maar ons het 'n baie beter metode gehad, gelukkig. Ons was besonder gelukkig om 'n landmeter op die skip te hê wat op pad was Antarktika toe. Dit was Johnny Strydom. En hy was toegerus met **telurumeters**. En met 'n **telurumeter** – dit was 'n nuwe ding; 'n redelike nuwe ding daai tyd – daarmee kan jy, soos jy vandag met 'n laserstraal, baie akkuraat, tot die laaste millimeter amper, die laaste sentimeter, kan jy 'n afstand meet, want die werk met 'n weerkaatsing van 'n radiogolf, soos met radar; dis 'n radar-tipe instrument. En dit was interessant dat ... Ek meen, mense sal seker weet die telurumeter was 'n Suid-Afrikaanse uitvinding van **Dr Wadley** by die WNNR – dit was toe 'n betreklike nuwe ding. Later het hulle nog ander variasies gebruik, en ek dink vandag gebruik hulle eerder laserstrale. So die heel eerste ding was ons gedoen het, dieselfde dag – ons het op 4 Januarie aangekom op die eiland, en die skip sou daarvandaan Antarktika toe vertrek. En toe't ons vir Johnny Strydom gekry om vir ons die basislyn vir ons opmetings te meet tussen Juniorkop en Fred's Hill. So dit is 'n hele afstand, 'n hele lang afstand, wat dan nou 'n geskikte basis is vir driehoeksmeting. Met ander woorde ons driehoeke was gebaseer só, né; min of meer daai grootte. En dit was 'n groot sukses.

V: So julle het 'n baie goeie basis ...

A: Ons het 'n baie goeie basislyn gehad. Vier van ons was op Juniorkop met 'n telurumeter, en drie van die ander was – en dit was manne, party wat op pad was Antarktika toe, soos **Pollack** was 'n geoloog wat afgegaan het. So, om al die goed op te dra, want dis 'n groot, swaer instrument wat bo-op 'n driepoot staan, en dan moet jy nog die temperatuur meet en jy moet nog die lugdruk meet ...

V: So julle het op die skip agtergekom hulle het hierdie ...

A: Ons het dit seker vooraf gereël. Ek dink ons het vooraf gereël dat hulle dit vir ons probeer doen. Ons het gehoop dit kon gebeur.

V: Verstaan ek nou reg ... As die skip ... Sy roete was Marion, dan eindpunt Antarktika?

A: Dis reg. Hulle't vir ons afgelaai. Dit was met ander woorde nie 'n *relief* nie ...

V: Normale *relief* ...

A: ... *relief* nie; dit was 'n onderbreking van die reis na Antarktika. Die Antarktiese span was op die skip, en hulle't net vir ons afgelaai ... Ek dink hulle het waarskynlik 'n paar werktuigkundiges ook afgelaai, wat werk gehad het aan die diesels of wat ook al, en hulle sou binne 'n paar dae weer vertrek. So ons het op daai eerste dag, terwyl die skip afgelaai is, het ons klompie hierdie opmeting gaan doen. En die afstand is nie, kon nie dadelik bereken word nie – daar was net nie tyd nie. En Johnny Strydom het die lesings wat geneem is, afgeneem Antarktika toe en toe later per radiotelefoon het hy vir ons laat weet wat is die afstand. En ek het dit aangeteken; ek het aangeteken op watter datum dit was – dit was omtrent 14 dae na die tyd, toe't ons nou die antwoord gekry, en toe kon ons nou aangaan. Maar jy't dit eintlik

net nodig wanneer jy uiteindelik jou kaart teken. Intussen neem jy maar waarnemings in jou boeke en jy maak jou berekenings en so aan. So op die ou end het ons dit alles gehad.

V: Ons het met Johnny Strydom gepraat nou onlangs.

A: O, my magtie! Ek het hom nog nooit weer gesien na daai tyd nie. Ek het nou foto's waar hy op is, maar ek het hom nog nooit weer gesien nie. Hy't ... Ek dink hy't goeie werk gedoen. Hy was toe ook op die Bouevet-ekspedisie, was hy ook gewees.

V: Ja.

A: Goed, ek het gesê ek wil net vir julle so 'n stukkie lees wat ek destyds in my dagboek geskryf het oor hoe ons *gesuffer* het ... ! Die laaste paar dae ... Kyk, ons het antiklosgewys om die eiland gewerk, en so drie dae voordat die skip nou weer sou aankom ... En dit was beplan dat ons nog twee of drie dae op Prins Edward ook sou gaan – dit was deel van Van Zinderen-Bakker se plan. Hy wou darem ook dáár ... So ons moes gereed wees, klaar met ons opmeting teen 17 Maart. Op 17 Maart het ons die skip teen 12 uur verwag, en ons het gewerk dat ons bars om die kiste toegeslaan te kry, geadresseer te kry, wat moes op die skip gelaai word op pad na Prins Edward. Maar ek wil vir jou lees hier van 12 Maart af.

V: Ja?

A: Op Vrydag, die 12de Maart, was ons nog hier in die suide, en wat ek geskryf het ...

V: Dis nog 'n entjie ... !

A: Ja. Goed, ek sal vir jou lees, want hier is nou nie veel ... Die res van die notaboek is hoofsaaklik met geologiese waarnemings, maar hierdie gaan nou eintlik net oor daai paar dae wat ons toe ons rug afgewerk het om by die basis te kom betyds. Op Vrydag, 12 Maart, sê ek: 'Al ons planne word in die war gestuur deur stormwind uit die noordweste wat gedurende die nag opkom. Onmoontlik om te slaap. Teen sesuur skeur die buitentent. Ons pak haastig in, trek aan en slaan tent af. Maar sewe-uur vm. ontbyt onder die oorhangende krans by die depot, en besluit om ondanks die wind, wat eerder sterker word, basis toe te stap. Dit is 'n nagmerriestap. Ons skat die windspoed op 50 myl per uur. Kan by tye nie staande bly nie, en moet lê en vashou om nie by Crawfordbaai in die see gewaai te word nie. Word teen rotse geslinger. Neem paar uur om by Boulder verby te kom ... ' Hier is Boulder, né.

V: Is dit nou Boulder daai?

A: 'Neem paar uur om by Boulder verby te kom deur hom te bekruip wanneer die wind effens verslap.' Dis soos die Suidooster in die Kaap, né; dit was daai tipe van wind. 'Die wind dryf ook die reën van die kant en ons is gou papnat. Ons raak uitmekaar nog voor Boulder ...' – dis nou ek en Otto – '... maar volg min of meer in mekaar se voetspore tussen Arthur's Hill en Johnny's Hill, en aan die seekant van **Mazrig** verby. Eers naby Fred's Hill bedaar die wind en kan mens normaal loop. By die basis het die wind glad nie sterk gewaai nie. Otto bereik die basis teen eenuur nm. en ek teen 3.20 nm: uitgeput, deurnat, deurgeskaaf en met stukkende skoene.'

- V:** ... Stukkende skoene; ôi!
- A:** Die volgende dag, Saterdag die 13de Maart: 'Pragtige dag. Hoë pieke bly vir die eerste keer heeldag oop, maar min wolkies begin uit die weste aandryf tot by Juniorkop. Ons sien nie kans vir 'n vrugtelose klimmery nie ... ' – dis nou na daai dag – '... en besluit om ... '
- V:** Ek sal net in my bed bly!
- A:** '... en besluit om te bly. Ons laat kans om opmetings te doen só deur die vingers glip.' Dit was ...
- V:** Goeie werksetiek ...
- A:** Dit was die éénkeer dat die berge mooi oop was, en wragtig, toe's ons te moeg om die werk te doen! ... 'Ek stap tot by East Cape amper' – amper tot by East Cape – 'en versamel twee groot paleomagnetiese monsters.' ... Ons moes groot blokke geörienteerde monsters, rotsmonsters, neem vir paleomagnetisme ... 'Neem foto's, veral van die plante. Heerlike sonskyn – was wasgoed.' ... Volgende dag, Sondag, die 14de Maart – dit gaan nou tot by 16 Maart, né. Sondag, die 14de Maart: 'Het met drie vrywilligers afgespreek om vandag Crawfordbaai toe en terug te stap ten einde alles daar te gaan haal en die opmeting vanaf Green Hill en Johnny's Hill af te handel. Maar die dag begin met wind en mis, en ons stel dit uit. Otto en ek pak instrumente en slaan die kiste met monsters toe. Soek die lugfoto's uit vir Brian Huntley.' ... Maandag, die 15de Maart – die volgende dag: 'Otto, ek, Brian en Eddie ... ' – dis nou junior ...
- V:** Van Zinderen-Bakker ...
- A:** 'Otto, ek, Brian en Eddie verlaat die basis 7:30 vm. Otto doen die opmeting vanaf Fred's Hill en tel daarna die teodoliet op en voltooi die opmeting vanaf Johnny's Hill en Green Hill. Intussen gaan ons drie verder in afwisselende ysreën en sonskyn en bereik Watertonnelkamp by Crawfordbaai om 12 uur. Brian begin toe las kry van sy regterbeen se potjie, en kry baie swaar.' ... Ek weet nie of hy dit onthou nie ... 'Ek loop ook stadig saam met hom en neem later al sy gewig oor. Om kwart oor vyf namiddag is ons nog nie eens by Fred's Hill nie.' ... Dit is nou van hiér af ...
- V:** Hier af ...
- A:** Ons het nou by Watertonnelstroom begin, né. Ek is ... Ek dink nie ons het tot daar ... Dis waar ons met daai ...
- V:** Gekamp het, ja.
- A:** Maar met hierdie volgende dag ... Elk geval ... 'Om kwart oor vyf namiddag is ons nog nie eens by Fred's Hill nie en Eddie gaan toe vooruit om 'n reddingsparty te organiseer, want om half sewe die aand raak die donker. Ons sukkel aan oor die Nellie Humps in maanlig, en teen 7 uur in die aand kom Otto, Wolfie en Sidney ons tegemoet. Uitgeput na 12 uur se onafgebroke stap met 'n gewig van 55 pond op die rug.'

- V:** Jô!
- A:** Soos dit was 'n reddingspoging, want arme ou Brian Huntley het gesukkel met 'n potjie ... been. Goed, kom ons vat nog die laaste dag. Dinsdag, die 16de Maart: 'Ons praat die oggend 9 uur met Kaptein McNish op die RSA. Stel vas dat nog twee persone, Menere McCall van PWD en 'n assistent, saam met ons op Prins Edward aan wal gesit sal word, met die doel om 'n vlaktafelopname te maak. Gerugte van 'n span landmeters was dus vals! Ons praat ook met Mnr McCall en spreek af om die besonderhede uit te pluig by sy aankoms alhier, want Otto ek ek beoog ook om 'n kaart te maak. Prof Van Zinderen-Bakker raak bekommerd oor konkurrensie. Die RSA word môre reeds verwag. Otto en ek gaan na Fred's Hill om die laaste intrumente te gaan oplaai wat ons nog daar gelos het, en maak 'n draai by Trypot Beach om na die pot te kyk ten behoeve van McNish' – hy wou gehad het ons moes kyk of die pot dalk gehaal kan word. ... 'Wou ook opmetings vanaf Fred's Hill en Juniorkop herhaal vir oulaas, maar die wind waai te sterk noord-wes en dit reën kort-kort. Ons pak toe verder in.' En Woensdag het ons toe klaar.
- V:** Maar dit klink my die wind en die reën is regtig nogal 'n probleem.
- A:** Wel, ek dink dit was die moeilikste dag. Ek onthou die ook, daai dag wat ons hierso so *gesuffer* het om daar verby te kom.
- V:** En is daar nie ook nogals swart lawa daar om oor te loop nie?
- A:** Wel, ek het net 'n stukkie weggelaat. Ons het hierdie vallei, Santa Rosa-vallei, toe vir die vyfde keer oorgekom. Ons het uitgevind dat dit makliker is hoe hoër jy oorgaan – hy word breër hier na onder toe. En in die begin het ons taamlik naby die kus oorgegaan. Dit was iets vreesliks gewees.
- V:** So die maklikste wees om hier reg bo, hier om te gaan?
- A:** Om daar reg by Santa Rosa-heuweltjie oor te gaan. So ons het nie minder as vyf keer, daai ekspedisie daar oor ...
- V:** Maar vandag is daar 'n padjie daardeur wat mens kan sien.
- A:** Sjoeg; is dit?
- V:** Ja, soos die vegetasie platgetrap is al.
- A:** O, dis seker darem nie gemáák nie.
- V:** Nee, nee. Dis nie gemaak nie, maar daar's – wat die katjagters opgesit het – 'n paal wat sê ...
- A:** Wat sê waar jy moet oorgaan ...
- V:** Ja. En waar ... Hierdie kant toe is Bethlehem en daardie kant toe is Kroonstad en ... ! En daai kant toe is 'n warm stort!
- A:** O ... !

- V:** Ja ... !
- A:** Ja ag, ek vrees ek sal seker teleurgesteld wees as ek sien hoe dit nou als verander het. Want hulle het toe later hutte opgerig. In 1981 was daar hutte waarin Luc Chevalier kon oornag, maar op hírdie ekspedisie het ons in tentjies geslaap. Ons moes die tentjies afbreek, en die tentjies was ... Ons het een oggend opgestaan, toe was dit die spierwit van die sneeu, toe moes ons die sneeu eers weg ...
- V:** Maar hoe ... Waar slaan mens die tent op? Want jy kan dit seker tog nie op 'n moeras opslaan nie? En daar's nie baie gelykte nie.
- A:** Nee, jy soek maar 'n droë plek. Dit was maklik, omdat die grond sag is; daar's nie harde grond nie. Jy weet, as jy op 'n gelyk *Azorella*-plek kan kom, dan's dit lekker. Dan kan jy dit ...
- V:** Soos 'n matrassie ...
- A:** Ons het ook skaapvelle saamgedra om op te lê, en dit was ... Dit het ek geleer is 'n uitstekende manier om ... al is dit ook nat, die skaapvel hou jou droog en dit is lekker sag.
- V:** Klink soos iets uit die Bybel ... Ek herinner my Gideon!
- A:** Nee, maar dit is iets wat hulle gebruik in hospitale natuurlik, om te keer dat die mense nie bedsere kry nie.
- V:** Om te keer dat mense nie bedsere kry nie ... En nou nog, om warm te bly. Dis 'n wonderlike isolasie ...
- A:** Ons het dit dáár geleer. Van die skape wat ons geslag het, het ons die velle bewerk en daar was seker 'n paar velle gewees wat ons so gebruik het. Goed, dit was ... Jy't gevra die doel van die ekspedisie – ek dink ek het dit nou gedek. Die doel was ... eerstens om 'n basiskaart te maak en tweedens om die geologie op die kaart in te sit. En dan uiteindelik 'n verslag te skryf oor die waarneming. Ons latere navorsing het nou meer gegaan oor ... Ja, ons het darem ook monsters versamel om die ouderdom te laat bepaal. Kyk, net soos die ander wetenskaplikes, het ons samewerking gehad met oorsese mense wat dinge kon doen. So ons het monsters versamel om na Australië te stuur vir ouderdomsbepaling – en dit het toe ook later in die boek verskyn. Maar dié werk is toe later uitgebrei. Ons het toe baie meer ouderdomme gekry; Luc Chevalier met sy werk. En wat ons gedoen het, was om die indeling van die ouer gryslae te doen, wat hier alles een kleur gegee is, en so aan.
- V:** So daar was bietjie samewerking met Australië?
- A:** Ons het ... Ek dink dis die enigste *expert* van oorsee wat ons nodig gehad het, om die ouderdomme ... Want dit kon nie in Suid-Afrika gedoen word nie.
- V:** Dis seker laboratoriumwerk?
- A:** Dit is gespesialiseerde werk wat nog nie in Suid-Afrika gedoen word nie. En die metode wat gebruik word vir hierdie lawas, wat natuurlik jonk is, is nie eintlik nodig ... Suid-Afrikaanse

geologie is nie 'n half-miljoen jaar oud nie; hierdie is 'n half-miljoen jaar en jonger. In Suid-Afrika het mens ander metodes ... lood ... uraan-lood-metodes en sulke goed nodig. En dit kon gedoen word daai tyd al, maar vir hierdie gesteentes het 'n mens die kalium-argon-metode nodig. En dit word vandag nog nie eers hier gedoen nie.

V: En die volgende jaar, toe julle weer terug is?

A: Nou, wat toe gebeur het. Kyk, ons ... Ek het vir my voorberei om vulkanologie te doen. En ons het 'n paar dinge misgekyk wat toe ... veral wat te doen het met ysafsettings. En nadat ons terug was in Pretoria, toe kry ons teleksboodkappe uit Marion dat hulle het gletserskrape gevind op die grys lawas. En dít sou baie interessant wees, want dit sou dan die eerste bewys wees dat hier vergletsring plaasgevind het in die laaste ystydperk. En dit was só belangrik – veral ook vir Van Zinderen-Bakker, want hy wou die evolusie van die plantegroei ... wou hy natuurlik ondersoek, so die datums was vir hom belangrik. So dit was só belangrik dat ons vir Johann Visser by ... 'n kollega van my by die Geologiese Opname, saamgevat het omdat hy 'n *expert* was op ysskrape en ysafsettings en so aan.

V: So wie het die ysskrape ontdek toe? Die meteoroloë wat net ... ?

A: Dit was Junior ... Eduard van Zinderen-Bakker ...

V: O, het hy agtergebly en toe ... ?

A: Hy en Brian Huntley, dink ek amper, het agtergebly.

V: Ja.

A: En hulle het toe 'n bietjie skoongemaak op een van hierdie rotsoppervlaktes, hierso, bokant die basis, op Tafelberg dink ek amper.

V: Ja, ja. Dit kan seker wees.

A: Waar ek nou 'n 'G' gesit het; dit is al die plekke wat ons toe gletserskrape gekry het toe. En ook op ander plekke.

V: Tafelberg is 'n lekker loopoppervlakte ...

A: So teen die tyd dat die kaart gepubliseer is, toe't ons nou geweet daarvan, en toe kon dit nou deel wees van die verslag. Maar wat ons ook nog misgekyk het, was die ysafsettings, wat Kevin Hall toe later ondersoek het. So, jy weet, 'n mens sien nooit alles raak in so 'n tyd nie, en ons het waarskynlik dit ... Hierdie hele gedeelte van die eiland het ysafsettings bo-oor die lawa en op ander plekke. En Kevin Hall het toe daar goeie werk gedoen. Maar dit was nie deel van my projek nie; dit was Van Zinderen-Bakker se ding.

V: Oukei; hy't dit toe verder geneem.

A: Ja, hy't dit toe verder geneem. En ek het eers weer betrokke geraak na die vulkaniese erupsie wat in 1980 plaasgevind het by Kaalkoppie. En toe het ons weer gemotiveer vir 'n nuwe geologiese program. Ons het 'n span bymekaar gekry van die Universiteit van Stellenbosch en

ons is toe weer af in 1981 om ... Ons het ook weer baie ambisieus gewees; ons het gedink ons kon die temperatuur van die lawa meet en ons gaan dit en dat doen, en ons gaan die gasmonster wat daar ontsnap ... Daarvan het nie veel gekom nie, maar ...

- V:** Ek wil gou bietjie hoor ... Jammer, ons spring nou bietjie rond, maar oor hierdie vulkaniese erupsie: hoe is dit raakgesien, want dis bietjie ... nie binne sig van die basis nie.
- A:** Ja, ek dink dit word beskryf in die artikeltjie, want jy weet, ons het dit toe só belangrik bevind. Want ons het gedink die eiland is uitgedoof. Ons het wel gesien party van die lawas is baie jonk – hulle kon minder as ‘n 100 jaar gelede uitgevloei het, want daar was nie plantegroei op nie en so aan; selfs ... So ons het vermoed dat daar was in menseheugenis ... moes daar erupsies gewees het. Maar daar’s nêrens ooit so iets beskryf nie.
- V:** Of opgeteken nie ...
- A:** Opgeteken nie. So ons was baie verbaas toe ons die nuus kry ... Ek was toe al op Stellenbosch professor gewees, toe iemand ons bel en sê daar was nou ‘n vulkaniese erupsie gewees; hulle het nou ‘n teleks gekry van die eiland af dat van die manne het gesien daar is ‘n vulkaniese erupsie. Hulle het dit toevallig gekry deur twee van die weerkundiges wat om die eiland gestap het, en toe kom hulle by daai plek aan en toe sien hulle hierdie nuwe lawa, en daar was nog stoom wat ontsnap het; dit was nog warm.
- V:** O ...
- A:** Selfs toe ons ses maande later daar gekom het, toe was dit nog warm. En toe’t ons gou-gou ‘n artikeltjie geskryf vir ... Ek wou dit vir “Nature” gestuur het, want dit was nou ‘n onverwagte ... Maar “Nature” wou dit toe nie vat nie; hulle het toe dit verwys na “Planetary and Science Letters” – dis ‘n ander tydskrif. En toe’t ons daar ‘n sketsie geteken van hoe dink, volgens die beskrywing, en dit was nie heeltemal korrek nie. Ons het toe later gevind maar ... Ons het eintlik later gevind daar was nie net by Kaalkoppie nie, maar hierso was ‘n taamlieke lang spleet – ek het dit êrens op ‘n kaart ... Maar dit was ‘n klein erupsie, baie klein. Op die basis, aan die teenoorgestelde kant van die eiland, het hulle nie eers geweet daarvan nie. En dit kan maklik gebeur, jy weet – dit is heeltemal die teenoorgestelde kant van die eiland ...
- V:** En dit was ‘n klein erupsie.
- A:** ‘n Klein erupsie. Daar was seker nie eens skuddings daarmee verbonde nie, en as iemand nie toevallig om die eiland gestap het nie, dan sou dit ongemerk gewees het.
- V:** Maar sou u sê dat dit moontlik is dat daar nog steeds aktiewe vulkane kan wees?
- A:** Ons wag vir die volgende een, jy weet. Noudat dit gebeur het, weet ons mos nou die eiland is aktief en volgens teorie bars ‘n vulkaan uit en dan maak hy leeg, dan maak hy die reservoir leeg. En dan vul dit weer geleidelik aan ...
- V:** O ...

- A:** En teen die tyd dat die reservoir weer so vol is dat hy wil uitbars, dan het daar miskien 'n 100 jaar verloop of daar't miskien 5 jaar verloop. So jy weet nie wat presies aangaan nie. So nee, daar's ...
- V:** Veral aangesien dit nou nie dopgehou word klink dit my op die oomblik nie.
- A:** Ons het toe nou gemotiveer dat die eiland gemonitor moet word, want sê nou daar kom 'n erupsie hier by die basis – dit kan dalk gevaarlik wees, hoewel nie een van hierdie erupsies het vir ons gelyk na groot, gevaarlike erupsies nie. Maar daar was heelwat groter ... Natuurlik, jy weet, as daar so 'n massa lawa hier afloop, of daar 'n massa lawa afloop, dan is dit darem ... Dit lyk of hierdie omtrent alles een is, né, hier; alles een is wat afgeloopt ... Dan kan dit darem ontwrigtend wees. So ons het gemotiveer en ons het toe later gegaan. Een van hierdie ekspedisies, in 1983 of so, het ons 'n seismometer saamgevat om te kyk of ons aardskokgolwe kan ... skokgolwe kan optel. Dit het nou niks met aardbewings te doen nie; dit is nou betreklike vlak skokgolwe wat jy kry as daar 'n vulkaniese erupsie aan die kom is. So daai aspek is toe later gedek, maar ek dink dit het doodgeloop; ek dink nie hulle maak enige waarnemings op die oomblik nie.
- V:** Nee, ek dink nie so nie. ... Oukei, dan ...
- A:** Ons neem nog die hele tyd op, né?
- V:** Ja.
- A:** Ek praat nou miskien nie baie duidelik altyd nie ...
- V:** Ag nee, hy neem fyn op; dis doodreg.
- A:** Maar jy stel belang in die mense ...
- V:** Ja. Sê bietjie weer ... As mens nou net twee geoloë is op hierdie ekspedisie ... Dit klink my julle het baie goed oor die weg gekom?
- A:** Ja.
- V:** Maar waaroor praat mens later, of werk mens maar net en dan eet jy ... maak jy jou kos en gaan slaap?
- A:** Ja kyk, ons het nie altyd saam gestap nie; baie dikwels het ek vooruitgegaan om 'n baken op 'n koppie te sit en hy't agtergebly om dit in te meet. So ons was wel nou by die kamp bymekaar en saans bymekaar en saamgeslaap in die tent, maar in die dag se werk het ons miskien bymekaar uitgekome vir 'n tydjie, en dan't ons maar gepraat oor wat ons volgende gaan doen, en ...
- V:** So mens spandeer ook maar baie tyd op jou eie op so 'n ekspedisie?
- A:** Ja, jy spandeer baie tyd op jou eie. Ek dink as ons dit nie op daai manier gedoen het nie; as ons die heelyd bymekaar gestap het, dan sou ons nooit klaargekry het nie. So ons moes die werk verdeel. En ek het basies as landmeterassistent en geoloog opgetree. Ek het my notaboekie

gehad en ek het my monsters geneem, en hy het dit nie gedoen nie; hy't sy driepoot gedra en sy teodoliet gedra en ... Ja, dan't ons nog die paaltjies wat ons wou opgesit het ... Dit was ook bietjie 'n onpraktiese voorbereiding – 'n landmeter wil gewoonlik 'n baken hê wat regop staan, om dan te meet, presies te kan meet. En as daar nog 'n vlaggie is, dan sien jy hom makliker deur die teodoliet. So ons het sulke aliminiumpaaltjies beplan wat in mekaar inskruif en dan word hy tot omtrent ... ek dink die hoogste was seker maar só ... Ja, ons kon dit seker nie te hoog probeer maak nie, maar ek dink dit was sulke kort stukkies, wat ons kon dra, omtrent 'n meter, né; ek sou sê omtrent 3 m altesaam, met 'n rooi lapvlaggie bo-aan, wat ons vasgebind het, en dan gaatjie deur dat ons die verskillende seksies aan mekaar kon vasheg met pennetjies ... So dit was 'n heel *elaborate* beplanning gewees. Wat op die ou end gebeur het, is dat die vlaggies het nie gehou nie – die wind het hulle onmiddellik weggewaai. Die wind het ook van die paaltjies gebuig of heeltemaal geknak.

V: So julle moes maar bietjie improviseer op die veld?

A: So ons moes maar improviseer. Na die einde toe het ons nie eens meer *geworry* oor penne wat ons na toe moes dinges nie; ons het maar na die ... Ons het maar klipbakens gepak, en dit was eintlik goed genoeg vir die tipe opname wat ons gedoen het. Ek meen 'n landmeter is eintlik 'n baie presiese kêrel; hy wil 'n kaart teken wat jy na enige grootte kan vergroot, maar eintlik het ons net nodig gehad om 'n kaart te teken wat akkuraat is op hierdie skaal. En nou-ja, jy kan self afmeet; die dikte van 'n lyn is al klaar 'n paar meter, of 'n hele paar sentimeter, so jy kan nie meer akkuraat teken as wat jy opgemeet het nie.

V: En toe julle nou ... So julle het soms alleen gestap, maar soms was ... Dit klink my op die eerste keer wat julle om die eiland gestap het of die depots gaan lê het, was julle 'n hele groep gewees?

A: Ja ... Laat ek dit ook net uit die notaboek uit kry ... Ons het ek dink omtrent 'n week na ons daar aangekom het ... Ag, dit maak seker nie saak presies wanneer nie ... ?

V: Ja, seker omtrent 'n vyf dae, of so.

A: Ek het dit hierso gekry; die datum wat ons besluit het. Maar goed, ons het besluit om 'n verkenningsopname ... Want ons was heeltemal vreemd; die eiland was mos vreemd. Niemand kon vir ons ... Die ouens by die weerkundige stasie het ... Party van hulle het al om die eiland gestap, en ander het vir ons vertel hoe dit is en so aan, maar ons moes toe self 'n verkenningsopname, 'n verkenning ...

V: Soos 'n *reconnaissance* nou?

A: 'n *Reconnaissance trip* doen om die eiland dat ons kan kry, jy weet, die grootte en die afstande en die moeilikheidsgraad en die weer en alles. En die bioloë was toe saam. Dit was toe vier van ons, dink ek: Otto en ek, en Neville Fuller was een, en ...

V: En Brian?

- A:** En Brian Huntley was dit ander een. Ek dink dit was ons vier wat toe om die eiland gestap het. Nou my geheue het my 'n bietjie in die steek gelaat, want ek was vas onder die indruk dat ons óók antikloksgewys om die eiland gegaan het, want dis hoe ons gewerk het, en dis miskien waarom ek gedink het, weet. Maar dit was nie die geval nie. Ons het kloksgewys om die eiland gegaan. Ons het ons eerste aan hier by die Watertonnel dink ek amper ... Hiersó. Ek dink ons het ons eerste nag daar deurgebring. Ek dink ons het van dáár tot dáár gekom.
- V:** Sjoe, dis nogal 'n ent ...
- A:** En toe's ons oor die Santa Rosa-vallei en deur die mis en alles – dit was swaar daai gewees. En hiér rond, hier bo ... Ons het nie altyd geweet waar ons is nie, want die kaart was nie akkuraat nie. Maar hiér was 'n groot swart lawa-vloei wat net so moeilik is ...
- V:** Soos Santa Rosa ...
- A:** Soos daardie ene. Dáár rond het Neville Fuller toe verdwaal; hy't toe weggeraak van ons. En ons was baie bekommerd daaroor. Dit was nog 'n lang pad terug na die basis toe, en hy het afgedwaal. Ons het hom nog laas gesien, so teen die horison het ons hom gesien, dáár loop hy. En toe's hy weg. En die ander drie van ons het toe natuurlik ... Ek dink ons het nog 'n nag ... Ja, hy't 'n nag uitgeslaap. Hy't 'n nag êrens, sonder 'n tent, onder die oop hemel, het hy êrens, moes hy geslaap het. Want ons het toe ... Ek sien in my dagboek, ons het ... Die laaste keer wat ons bietjie gerusgestel het, was toe ons spore gekry het, en dit hierso in die ... net voor Long Ridge, hierso in hierdie vallei.
- V:** (Ja.) By Repetto's en so.
- A:** Waar daai meer is, Prinsloomeer. Daar kon 'n mens spore sien. Toe ons dit kry, toe besef ons maar hy's vooruit. En ek sien in my ... Jy weet, Prof Van Zinderen-Bakker maak 'n hele storie daarvan om te sê hoe gevaarlik dit is, maar ons het rêrig gedink hy't miskien êrens vasgesit of weggesak in die moerasse, of in die see geval of ... Enigiets kon gebeur het.
- V:** Het julle die ergste verwag?
- A:** Ja, ons het soortvan die ergste verwag, en ons is toe bietjie gerus toe ons sien maar daar's darem spore. Die feit is, hy was toe so drie of vier uur voor ons by die basis. En toe hoor ons nou die storie dat hy die nag buite geslaap het en hy't maar net aangegaan, en daar was toe nie regtig rede om bekommerd te wees nie. Of daar was rede om bekommerd te wees, maar daar was toe gelukkig niks.
- V:** Maar wat is mens se reaksie as iemand nou so wegraak? 'n Mens skrik nogal ...
- A:** Ek dink ek moet daai stukkie vir jou lees, want dit is, dis baie kort ... Dit was nog hierso in Januarie ... Nee, dit was ... Ek onthou net ons het 'n paar keer gemik om te vertrek, en dan versleg die weer en ... Ja, hier's dit: Saterdag, die 16de Januarie. Nou ons het daar aangekom op die 4de Januarie, so 12 dae na ons nou vir ons tuisgemaak het op die basis, darem nou so bietjie gekyk – hiernatoe gegaan en daarnatoe. Toe besluit ons ons moet om die eiland stap. Nou Saterdag, die 16de Januarie: 'Die dag begin mooi. Otto, ek, Sidney en Wynand stap met

nog kospakkies met die doel om die grot by Good Hope-baai te bereik.' ... Die grot by Good Hope-baai ... Good Hope-baai is hier ver, joe! Ons wou daar ... Daar's glo 'n grot ... Ek kan nie onthou daar een nie.

V: Daar's 'n grot, ja. Hy't baie robbe in.

A: Ek kan dit nou nie so spesifiek onthou nie, maar ons doel was om ...

V: Wat jy so afgaan in 'n ...

A: 'Die toer om die eiland begin in alle erns. Ek neem foto's naby Fred's Hill. Ons bereik ... ' O ja, hulle het vir ons ... Ek wou sê daai ouens het nie almal saamgestap nie, maar hulle het vir ons gehelp die eerste skof. '... Ons bereik die omdraai plek van die vorige dag en vind die radio buite werking as gevolg van die suur.' ... Dit was seker hier naby Fred's Hill; ek dink daai ouens wat ek genoem het, het net tot daar vir ons gehelp dra, maar die toer het in alle erns begin. '... Ons laat dit toe agter en Eddie se bagasie laat ons ook agter. En ons neem toe twee swaar rugsakke plus ekstra kos verder. Ons ontmoet die ander drie daar naby, ongeveer eenuur. Het die kamp tevore opgebreek weens die reën die hele oggend. Sidney en Wynand stap saam tot onder by die westelike end van Crawfordbaai.' ... Hierso.

V: Dis nou hierso, ja.

A: 'Hulle draai toe drie-uur om en kom teen sewe-uur, kortpad deur die berge, by die huis. Kamp plek nommer twee word sommer daar naby gemaak, by die stroompie. Die baai word gedoop "Water Tunnel Cove", en een tent met kos word onder die oorhangende krans gebêre – dis ons depot nommer een.' ... Daar's 'n paar geologiese waarnemings ... Volgende dag, Sondag; daai was alles op die eerste dag.

V: (Ja.)

A: 'Ons kruis die berugte Santa Rosa-vallei se lawavloei en kom in reënweer by die oorhangende turfkrans naby Good Hope-baai, die sogenaamde grot. Klein en ondoeltreffend.' ... Nóú onthou ek hom, ja; nou onthou ek. Dis eintlik maar net 'n oorhangende rots gewees. '... Ons klim weer hoër en stap naby die plateaurand en afkyk op die kusvlakte. Ons kamp uiteindelik, ons kamp nommer drie, op 'n ongelyk plek naby Rook's-baai.'

V: Dis nou daar ...

A: Daar't ons toe weer gekamp.

V: Ja, dis 'n baie steil afdraende daar na Rook's-baai toe.

A: Dit was kamp nommer drie. Kamp nommer een was hierso; kamp nommer twee was daarso, by die grot daar. Kamp nommer drie ... Maar het ons dan net dáár gekom? Rook's-baai? My magtie, dan't ons darem nie ver gevorder nie! Ek kan nie glo nie! '... Die stukkie kusvlakte wat daarop volg, tussen Good Hope-baai en Rook's-baai, hoewel net so hoog bo seevlak, is ook swart lawa ...'. En so aan. Hier't ek 'n hele storie oor die kusvlakte ... Nou-ja, Maandag stap

ons 'sowat tienuur weer aan, na sowat een uur sonskyn wat gehelp het om die klere droog te kry. Spoedig weer reën. Kruis twee klein swart lawa-vloeië wat van bo af kom, net tot by die plateaurand' en dan ... 'Sien verskeie konusse' en so aan. 'Probeer die kuslyn identifiseer, maar kan nie met sekerheid sê waar Kaalkop en Swartkop is nie. Ek verdwaal amper in die mis. Ons daal die middag af na die kusvlakte. Neem verskeie foto's.' Volgende dag: 'Eerste mooi weer. Ons stap op die kusvlakte en neem foto's van albatrosse en "stinkers" ... ' – dis die Giant Petrels, wat ons "stinkers" noem. 'Ons kom skielik af op 'n baaitjie waar ons pelsrobbe en 'n ou, afgebreekte hut ... ' Ek dink dit was seker voor Mixed Pickle Cove ... Ons is nou al dáár êrens, ja. 'Ons versamel aandenkings en neem foto's.' Dis daar waar ons daai foto geneem het met die tentjie en die ... Ja, maar toe was dit ... Nee, dit kon nie toe gewees het nie, want toe was ou dinges bygewees. So ek weet nie watse foto's dit is nie; dis seker swart-en-wit foto's. 'Ons beseft later dis Furseal Cove, maar ek is nie seker of ons reg is nie. Die reën begin en die wind kom op. Die weg langs die kus word hiervanaf versper deur hoë kransse grys lawa.' Dit is by Triegaardbaai, waar die kus versper word deur die hoë kransse.

V: Ja.

A: 'Ons styg na bo, maar word tot stilstand gebring by 'n oorhangende krans net daarbo deur die sterk wind. Neville Fuller dwaal af en gaan vooruit, oor die verskriklike lawaveld.' So dit is daar van Triegaardbaai se kant af wat hy ... 'Ons sien hom op die horison laat die middag. Kan niks verder doen en maak kamp, kamp nommer vyf' – die vyfde nag wat ons uit is. 'Op die grasperk van *Azorella*, tussen ouer swart lawa-ruggies met rooi konusse noord van ons. Ons slaap vier in een tent, met reën, wind en mis buite.' Woensdag: 'Staan vyfuur op en begin sewe-uur stap oor verskriklike lawaveld, soortgelyk aan Santa Rosa-vallei s'n, in digte mis. Probeer noordwaarts hou en blaas kort-kort fluitjie vir Neville. Kom na sowat twee uur op ouer grasbedekte swart lawa en besluit om af te daal, nader aan die kus. Sien twee groot konusse ... ' en so aan. 'Boot Rock ...' O ja ... 'Skielik verskyn Boot Rock agter die verste konus. Groot verligting! Nou weet ons waar ons is.'

V: (Lag.)

A: 'Want nou weet ons ons kan voor vanaand die basis 8 myl verder bereik.'

V: Ja.

A: Dis omtrent 8 myl verder voor ... 'Ons kry afwisselende reëns, sonskyn, reën en wind van agter. Op Gony Plain kry ons die eerste spore wat ons laat vermoed dat Neville vooruit is. Na baie natword en moddersinkings, bereik ons die basis vyfuur die middag. Neville het drie uur tevore aangekom. Hy het die vorige middag deurgesteek na die kus en, net soos ons, regoor Boot Rock uitgekom. Daar het hy die onder 'n oorhangende krans geslaap en die volgende oggend sewe-uur begin stap. In die swak weer het hy hoog agter Julian's-kop, skoon verby die basis, tot by Pew Cracks gestap.'

V: O, genugtig!

- A:** ‘Gelukkig trek die son toe oop en sien hy die basis daar onder. *All’s well that ends well.*’
- V:** Maar hy’t seker nou niks geëet daai hele dag nie ...
- A:** Nee, seker nie. Nee ag, ek dink dit het meermale gebeur dat ons, jy weet, eers teen die aand by kos uitgekom het.
- V:** Ja, hy’t seker nou ook nie ontbyt gehad nie.
- A:** Hy’t tot by Pew Cracks ... Dis hierso.
- V:** Ja-nee, dis ‘n entjie.
- A:** Dis darem nie te ver ...
- V:** Ja, dis nie te ver af nie, maar ...
- A:** Hy kon ... Hy was te hoog blykbaar; hy kon ... Ons het gewoonlik ...
- V:** So dis maar net ‘n uur se stap omtrent.
- A:** Ja. Maar hy moes toe daar af ... Hy was te hoog. In elk geval, dit is wat gebeur het. Ek het dit nou nie alles so onthou nie, maar hier het ek dit nou opgeskrywe!
- V:** Dit is ‘n wonderlike verhaal.
- A:** Nou ja, ons het nou al seker daai band opgebruik.
- V:** Nee, daar’s nog ‘n bietjie oor, maar ons moet maar ...
- A:** Wil jy graag hê ek moet iets sê oor die naamgewing?
- V:** Net oor die naamgeeproses ... Het julle vooraf geweet hoe dit gedoen word, of daar was nou nie ‘n naamgee-kommissie spesifiek gewees nie ...
- A:** Nee, daar was nie so iets nie. Nee, ons moes maar name gee om ons beskrywinge en opmetings te vergemaklik. As ons ‘n baken opgerig het, dan moes ons hom ‘n naam gee, want jy skryf mos die rigting en die hoogtes daarvan op.
- So dit was maar net ‘n praktiese ding. Ek dink enige landmeter wat ‘n kaart maak, kies maar name. Gewoonlik, byvoorbeeld in Suid-Afrika, sal hulle die plaaslike inwoners vra wat noem julle hierdie plek? En dan word dit nou verewig sodra hy dit op die kaart sit; dan word dit verewig. Selfs plaasname – boere het plaasname gegee, maar dit word eers verewig wanneer ‘n landmeter dit op ‘n kaart aangebring het.
- V:** Ja. In die geval van ons familieplaas is dit met ‘n spelfout op die kaart aangebring!
- A:** O goed. Die mense gee later name, maar die name wat mense net gee, raak verlore, want dit raak vergete dink ek.
- V:** Ja.
- A:** So dit is maar ‘n normale proses.

- V:** So julle het dan onder andere die meteoroloë dan maar vernoem na 'n tyd, en ... ?
- A:** Kyk ...
- V:** ... Beskrywende woorde gebruik ...
- A:** Laat ek nou só sê: toe die kaart nou uiteindelik geteken is vir publikasie, toe moes ons nou besluit watter name om op die kaart te sit. Ons het tydelike name gebruik. Ek het nou in my notaboek gesien ons het ... Jy weet, ons het ... Ek het my vrou vernoem en hy het sy vriendin vernoem. Ons het 'n "Elize" gehad en ons het 'n "Cora" gehad, en ons het 'n ... ek weet nie watse alles nie.
- V:** Maar hoekom is hierdie name nou nie verewig nie? Want ek het opgelet daar is nie ...
- A:** Nee, ons het maar besluit om te kies, en ons het partykeer die name verander, dat dit darem bietjie meer akademies was.
- V:** Is dit?!
- A:** Byvoorbeeld "Tumor". Ons het die woord "tumor" gebruik vir Pieroksien-kop. En as ek in my notaboek kyk, dan moet ek altyd oppas ...
- V:** Want daar is 'n "Tumor" verder noord.
- A:** Ons het hom toe later vir daai kop liewerster gebruik. Maar hierdie ... Hier was sulke mooi kristalle wat daar rondom gelê het, rooksteen-kristalle. So ons het gedink dis nou 'n uitstekende naam wat ons kan assosieer met daai kop. En ons het toe een van die ander groot koppe, het ons toe maar "Tumor" genoem. So waar ons kon beskrywende name gee, het ons dit gedoen. En hulle het meeste behoue gebly. Name wat reeds voorheen verskyn het op kaarte het ons so ver moontlik behou – ek dink ons het hulle omtrent almal behou. Behalwe ... Ek het nou gister, toe John Cooper hier was, het ons gepraat oor Jan Smuts-kop. Daar was 'n Presidentkop hierso gewees, naby die kus, op die kaart van ...
- V:** Ja, sommer so ...?
- A:** En ek lees nou in my notaboek van daai tyd: 'Presidentkop is nie die naam waardig nie. Dis net 'n lae koppetjie ... ' Dis 'n lae heuwel, en ons het toe dié naam weggegooi; besluit ons gaan hom nie 'n naam gee nie – hy's dit nie werd nie!
- V:** En toe's daar op die ou end Staatspresident Swart Piek ...
- A:** Ja, dit was toe op die ou end, toe ons ... Ons het hom "High Peak" genoem die healtyd.
- V:** Ja.
- A:** Ons het gepraat van "High Peak"; ek weet nie hoekom ons dit in Engels gedoen het nie. Ons het partykeer Engelse woorde gebruik. Toe, na die ekspedisie, toe ons nou die kaart moes teken ... Ons het waarskynlik tóé al besluit dat dit sal geregverdig wees om die hoogste piek op die eiland na die staatshoof te noem, net soos wat die Engelse ekspedisie op Gough-eiland

... Hulle het die hoogste piek op Gough-eiland – het ook nie ‘n naam gehad nie, en dié’t hulle genoem na die Duke of Edinburgh.

V: Ja, ja; ja.

A: Dit was vir ons ‘n voorbeeld. En ek dink daar’s baie ander voorbeelde van ... Ag jy weet, op Bouvet-eiland is die krater ... is genoem die Koning Wilhelm II Plato deur die Noorweërs.

V: Ja, en as mens nou dink aan al die lande in Antarktika wat “Queen Maudland” of “Princess Astridland” is ... So daar’s baie presedent daarvoor.

A: Presies ja. So die staatshoof of die ... wat ook al.

V: *Sovereign.*

A: Maar die staaltjie wat ek daar kan vertel, is natuurlik – ek kan dit miskien net herhaal vir jou, want ek het dit gister vertel – is toe ons nou terug is in Suid-Afrika, toe het ons in Grootte Schuur, het Otto en ek al twee ... Ek dink Otto het nog ‘n nag by ons oorgebly, by my ma en pa gekuier, en ek het die lugfoto’s wat ons gekry het, het ek nou daar uitgepak en vertel wat ons alles gedoen het. En ek het vertel dat ons hierdie hoogste piek graag na die ... na President Swart wil noem. Toe sê my pa nee, dis goed; dis van pas, maar dit moet Staatspresident Swart-Piek wees, nie President Swart-Piek nie. Dis moet Staatspresident Swart-Piek wees. En dis toe hoekom dit nou só genoem is. Want hy’t gesê daar’s baie ander presidente ...

V: President van die seëlversamelaars en so ...

A: Ja, of wat ook al! Van ‘n Rotary-klub of wat ook al ... !

V: Maar hoekom is daar nie ‘n piek na hóm vernoem nie, na u pa nie, want hy was tog Eerste Minister gewees?

A: Nee wat, ons het nie gedink dit is van pas nie, veral omdat ek nou op die ekspedisie was. Hulle het seker nie gedink dis van pas nie. Ons het nie eens daar ... jy weet, dit oorweeg nie.

V: Dit was nie eens ‘n oorweging nie? Oukei.

A: Nee.

V: Oukei.

A: Nee. Toe was daar later in die Parlement, was daar ‘n vraag oor hoekom is Jan Smuts Piek dan nou vernoem na President Swart? Dis no... Dis mos politiek. Toe kon die Minister darem antwoord dat dis nie die geval nie.

V: So daar was ... Was daar op ‘n manier tog ‘n bewustheid dat Suid-Afrika hierdie eilande het? Onder die publiek of (in) die Parlement?

A: Ja. Nee, nee; ek meen die weerstasie het al bestaan van 1948 af.

V: Ja, maar ek bedoel ... Dit wil voorkom of jou algemene Jan Alleman op straat nie eens noodwendig weet Suid-Afrika het die eilande nie.

- A:** Nee, ek dink dit was baie meer in die nuus as wat dit vandag is. Ek dink daar is baie meer gemaak van ons weerstasies, jy weet, in tydskrifte en so aan, en oor die radio.
- V:** Ek het gesien u het self 'n stuk publiseer in "Die Huisgenoot"?
- A:** Ja ... O, het jy dit opgelet? Het jy dit gekry?
- V:** Ja.
- A:** Ja, dit was nou maar populêr – ek kan nie eens onthou wat ek daar ... Maar mooi foto's ...
- V:** Nee, maar dit was mooi foto's gewees, is wat ek ook kan onthou. Die teks was nie vreeslik belangrik gewees nie.
- A:** Nee, dit was maar vir die publiek bedoel. Maar ons was gelukkig wat foto's betref, omdat ons 'n paar mooi dae gehad het. Ek het uitgevind dat op Marion-eiland kan jy eintlik net mooi foto's neem as die son skyn – die ander kom altyd so dof uit. Of as jy nou 'n dramatiese foto kan neem met die mis, dan's dit nou 'n ander saak. Maar die mooi foto's daarin is meestal geneem dink ek deur Otto Langenegger, want hy't 'n Leica-kamera gehad. Ek het 'n goedkoper tipe kamera gehad. My foto's is nie ... Maar ek dink party van hulle is tog van myne ook.
- V:** Is Otto Langenegger nog in Suid-Afrika?
- A:** Ja. Ek het laas met hom gekontak ... Hy moet ook nou al afgetree wees, dink ek. Maar hy't toe aangesluit by 'n ingenieursfirma in Pretoria. Hy was toe 'n siviele ingenieur vir die res van sy loopbaan. En na die erupsie het ek vir hom laat weet, en ek dink ek het vir hom 'n kopie gestuur van ons eerste artikeltjie ook. Maar toe't daar 'n hele klompie publikasies voortgevloei uit ons later werk.
- V:** Ouwei. So julle het teruggekeer na Marion toe. En die Bouvet-ekspedisie ... Ek wil net darem vinnig by Bouvet uitkom.
- A:** Toevallig was dit ... Ja, Bouvet ... Dit was toe toevallig kort na ... Ek het dit nou gesien; ek het dit ook al vergeet. Maar ons het in Maart 1966 saam met die aflosreis gegaan om te kyk na die ysskrape. Dit was vroeg in die jaar 1966. Maar die ekspedisie na Bouvet was toe al lankal beplan vir die tweede helfte van die jaar, so ek het in die tweede helfte van die jaar 1996, is ons toe af na Bouvet-eiland. Ons het nie veel te doen gehad met die ... Ja, wag 'n bietjie ... Ja, jy weet, dit was 'n ding wat deur die Weerburo georganiseer is, onder leiding van Mnr Engelbrecht. Maar ek dink weer het die Geologiese Opname, onder Dr Truter ... Of Dr Van Eeden was toe Direkteur. Hulle het toe gesien maar hier's ook 'n geleentheid vir die geoloë om 'n eiland wat feitlik onbekend is te gaan ... En toe moes ons tog sekere voorbereidings tref. Ons het weer onpraktiese goed probeer. Ons het ... Jy weet, ek het toe van Isak van der Walt, van ... gekry, wat vir ons raad gegee het met Marion. Maar hy was 'n lektor by die Universiteit van Pretoria, en hy was toe gretig om saam te gaan. Ek het toe gesê maar ons moet 'n landmeter saamvat, want ons moet die hoogtes van die pieke bepaal en so aan. Ons het maar ... Ons het geweet ons kan die kaart verbeter. Die kaart was nie baie ... Die gepubliseerde

kaart was nie 100%; ons het gedink ons kan verbeter. Nou ja, soos 'n landmeter ookal is, wil hulle altyd hulle ...

V: Paaltjies vat, of ... ?

A: Hulle wil hulle goed presies reg hê. En hy't toe gesê wel, as ons die hoogtes van die pieke moet bepaal, dan moet ons 'n gemiddelde seevlakstand kry.

V: (Ja.)

A: Met die gevolg ons moet 'n getymeter gaan oprig, sodat ons die styging en die daling van die seevlak oor 'n tydperk ...

V: Was die see nie bietjie rof in Bouvet nie?!

A: Wel, dis die ding. Ons, mens het mos nou nie geweet vooraf wat presies die toestand is nie. Maar ons het toe 'n groot klomp moeite gedoen. Ons het 'n ys ... Ons het geweet dit gaan moeilik wees, en ons het gedink ons sal darem seker 'n plek kry waar ons 'n ysterpyp ... Daar was 'n ysterpyp met hiêrdie deursnit. Hy't buite op die dek, het hy ... is hy vasgemaak, en hy't nogal vir die kaptein groot probleme veroorsaak, want hy't gesê hierdie pyp gaan rondrol en hy gaan skade veroorsaak. Maar dit was 'n ding van ek dink omtrent so hoog soos die dak hierso, met ander woorde 3 meter hoog, só groot. En daarin kon jy dan 'n vlot laat afsak, wat dan sal styg en daal soos wat die water ... Maar dié ding moes nou vasgemaak word aan 'n plek waar hy kan vertikaal staan, en waar hierdie ketting met die prop onder hom, wat ook al, op-en-af kan beweeg. En bo-op was daar 'n platvormpie – dis die tipe vam ding wat hulle gebruik om watervlakke in boorgate te ...

V: O, ja.

A: En ons het dit ... Te monitor. En dit het 'n *recorder* op gehad, sê 'n papierrol wat dan nou 'n grafiek sal teken soos wat die ding op-en-af beweeg. En dit was ons plan. Ons het hom opgerig, en daar's 'n foto daarvan; waar ons die ding oprig. Maar die volgende dag was hy weg ... !

V: Oei! Ek kan dink ... !

A: Die see het hom gevat! So daai ...

V: Maar julle het darem helikopters gehad.

A: Ons het ons bes probeer. Goed, toe't ons gelukkig met 'n helikopter ... Toe moes ons nou maar 'n gemiddelde seevlak skat – dit was seker tot die naaste halwe meter of so. Want die getye is nie vreeslik groot nie; dis maar meer branders wat ... en stormweer wat veroorsaak dat die see ... Maar die getye is maar min, so jy kon tot die naaste halwe meter of so, kon jy weet wat is die gemiddelde seevlak. Ek dink ons hoogtebepalings was toe goed genoeg, want hy het toe wel met die teodoliet kon die hoogte skiet na die top. Om die waarheid te sê, ek dink een van die dinge wat in die koerante verskyn het ook, was dat hulle vir my met 'n

helikopter neergelaat het op die – nie die hoogste piek nie – die tweede hoogste piek, waar ek ‘n paaltjie geplant het sodat hy kon meet.

V: (Lag.)

A: En dit was nogal ‘n avontuur, want die helikopter het *gehover* en hulle het my ‘n tou afgelaat en ek het die paaltjie geplant, en hulle het my weer opgetrek. So dit het baie vinnig gebeur. Dit was alles ys.

V: Dit klink soos iets uit ‘n flik uit.

A: Ja. Maar dit was alles ys. Toe ons daar land ... Ek het gedink dat sal rotsagtig wees, maar wat mens het, dis “firn” – die woord is “firn” ...

V: Ja, f-i-r-n.

A: F-i-r-n. Dit is sulke poreuse ysmassas wat baie tipies lyk op die foto’s ook. En dit was maklik om die paaltjie daarin te sit. Nou maar goed. Maar ek was die eerste persoon wat bo-op Bouvet-eiland geland het.

V: O?!

A: En toe ek in 1979, omtrent 10 jaar later, in Amerika was vir navorsing, toe het ek die National Geographic se biblioteek gaan besoek om te kyk wat het hulle oor Bouvet. En wragtie, toe kry ek daar ‘n beriggie – ‘n uitknipsel uit die “Baltimore Sun” ...

V: (Lag.)

A: ... wat sê dat die Eerste Minister se seun het ‘n paaltjie geplant op daai hoogste piek op Bouvet-eiland. So die storie het in ons koerante verskyn en hulle het dit oorgeneem.

V: Ook oorgeneem. Haai, interessant!

A: So dis nou die hoogtepunt van my loopbaan, dat ek in ‘n Amerikaanse koerant genoem is as ‘n ...

V: Avonturier!

A: ... Avonturier, *whatever!* Nou-ja goed, daar is ‘n piek wat hoër is, maar hy was toe op ‘n ander ... Hy was ‘n bietjie ver weg. Ek weet nie ... Ons kan Bouvet ... Ek het ... Ja, waar’s die boekie wat ek jou netnou gewys? Kan ek jou wys waarvan ek praat ...

Kyk, die kaart wat ons toe gemaak het, was toe ‘n verbetering. En ons het ‘n paar nuwe name daarop gesit. Maar die piek wat ek van praat, is hierdie ene: Lykktoppen. Ons het sy hoogte toe ... Ons het toe van, jy weet ... Hy het toe van waar af ... ? Ek vergeet nou van waar af hy ... Hier êrens was daar ‘n waarskynlik ‘n plek waar hy die hoogtepunt kon sien. Daai top is, volgens die Noorweërs, hoër, maar dit was moeiliker. Maar elk geval, wat op Bouvet gebeur het, was ... Die hele doel van die ekspedisie was om te gaan kyk of hulle nie ‘n outomatiese weerstasie daar kan oprig nie.

- V:** Want hulle het teen daai tyd al besef dat hulle gaan nie meteoroloë daarnatoe kan stuur nie ... ?
- A:** Daar was twee moontlikhede. Die een was op Weswindstrand – vir ons was dit die interessantste deel, want daar is beweer dat hierdie die vulkaniese erupsie was wat dit veroorsaak het deur vorige ... daar, deur die Engelse, wat ook daar 'n paar dae, of 'n dag of wat, 'n paar uur gespandeer het. Ons het besluit dat dit is nie 'n vulkaniese erupsie nie; dis 'n rotstorting wat daar af, teen die hang, afgekom. En daaroor het ons toe hier geskrywe, en ook later. Maar die tweede moontlikheid was om hier op die ysplateau, wat ... Dis 'n ysplaat; dis 'n taamlike plat ... Jy kan sien aan die kontoere. Dit loop so geleidelik af na die kant. En of hulle daar 'n plek kon kry wat nie krevasse het nie, en waar daar 'n ... So Dirk Neethling – hy was 'n gletserkundige – en die landmeter, hulle het toe daar 'n vierkantige area afgebaken waar hulle in verslag gesê het, kan iets opgerig word. Hulle het ook daar, jy weet, 'n tentjie gehad, of ... nee, 'n geboutjie ... Wat was dit? Ek dink daar was ... Daar's 'n ding neergelaat met die helikopter, waarin hulle hulle instrumente kon sit. So hulle het daar 'n dag of twee gespandeer. Hulle het ... Nou-ja, Dirk Neethling, die gletserkundige – hy was ook eintlik 'n geoloog, maar hy't gespesialiseer in gletserkunde, so hy het 'n put gegrawe waar mens die gelaagdheid van die ys kon sien. En in die bodem van die put het hy nog 'n boorgat afgesit, want dit gee vir jou 'n geskiedenis van ... Dis die jaarlikse ys wat bo-op mekaar pak, en dan kan jy – as jy diep genoeg boor – dan kan jy tot in seisoenale geskiedenis kan jy ... Hulle bepaal isotope van die suurstof en die koolstof en so aan, en hulle kyk na gaslagies en so aan.
- V:** Het hulle toe tydens daai ekspedisie 'n outomatiese weerstasie daar gesit?
- A:** Nee, nee. Die doel was eintlik net om te kyk of dit kan gedoen word.
- V:** Uit te vind ...
- A:** En die verslag was positief. Hulle het gesê hulle kan dit óf dáár doen óf hier doen, maar dáár – dis nou aan die westekant – is daar baie sterk winde en so aan. Hierdie is nie baie beskerm nie; dis ook maar baie oop. En ek twyfel of die ding baie ... Hulle sou hom baie goed moes vasgemaak het. En ek dink dis toe net afgekeur. Dit het toe nie gebeur nie.
- V:** Kan u iets onthou van die Noorweër wat saam was? Hoekom is hy saam? Is hy maar afgevaardig gewees, of was hy 'n wetenskaplike?
- A:** Ja, hy was 'n geoloog; **Tora Vinsnes**. En ek dink dit was uit beleefdheid, uit ... jy weet, uit beleefdheidshalwe het hulle vir die Noorweërs genooi om iemand saam te stuur.
- V:** Oukei.
- A:** Hy't eintlik nie veel van 'n bydrae gelewer nie. Hy't maar saam met ons gekyk en saamgestem dis nie 'n vulkaniese erupsie nie. Daar was ook 'n Amerikaner. En ek het sy naam vergeet, maar hy verskyn op die foto – ek sal dit moet probeer uitvind. Staan dit nie hierso nie?
- V:** Dit staan dalk daar ...

- A:** Vinsnes ... Hy't toe self 'n artikeltjie ... Stark; dis reg.
- V:** Stark; oukei.
- A:** "Preliminary reports were published by Stark." Direk na die tyd. Hulle het kort goedjies geskryf oor die ekspedisie van ons. Nou ek het sy naam nou vergeet, maar dit is die Amerikaner wat ook saam was, want ... In die "Antarctic Journal" verskyn dit: "South African expedition to Bouvet Island". En Visnes sinne is in Noorweegs gedoen, in die Noorse Polarinstituut se jaarboek. So jy kan daai verwysings daar kry.
- V:** Ek moet bietjie daai verwysings kry, ja.
- A:** Maar sover ek onthou, het hulle nie een ... Hulle het maar gegaan as waarnemers. Hulle het nie werk gehad om te doen nie. Dit is wat Bouvet betref.
- V:** So het julle dan meestal maar oor wetenskap gepraat met hulle? Hulle was maar net ...
- A:** Ja, ons het seker ook nie vreeslik baie gepraat nie ... !
- V:** So julle het meer werk net gedoen?
- A:** Nee, hulle was al twee heel gawe kêrels. Hulle moes seker help dra en help doen en jy weet, so bietjie assisteer. Maar die ander interessante ding is dat die Direkteur van die Geologiese Opname – ek het dit nog nie gesê nie, né? Die Direkteur van die Geologiese Opname was Dr Van Eeden; hy't vir Dr Truter opgevolg, en ek dink in '65 was dit nog Truter – ek is nie seker nie – maar in '66 was dit definitief Van Eeden. En toe hy nou hoor van hierdie ekspedisie en hulle vir my vra om saam te gaan en dat hulle reël vir landmeters en goed, toe sê hy nee, maar hy wil ook saamgaan!
- V:** Dit was natuurlik vir hom maklik om te sê!
- A:** Ja, dit was vir hom 'n geleentheid. En die arme oubaas – hy was ... ag, nie so vreeslik oud nie; hy was seker 60 – hy was so seesiek op daai skip; die hele pad af. En die hele tyd daar. Ek dink hy't waarskynlik nie sy ... op die dek gewaag nie! So ek dink nie hy het aangename herinneringe nie, en op die ou end het hy ... Hy't nooit op die eiland beland nie; hy was net op die skip.
- V:** Het julle op die skip geslaap?
- A:** Ons het op die skip geslaap.
- V:** So julle is bedags soontoe geneem en ...
- A:** Ja kyk, dit was die eerste geleentheid wat ons van helikopters gebruik kon maak. En dit was toe baie gerieflik.
- V:** Was dit Weermag-helikopters?
- A:** Ja, dit was Westmorland-helikopters van die Vloot. Die Vloot het die helikopters voorsien.

- V:** En hoe was dit vir hulle om te vlieg? Ek bedoel dit moes vir hulle seker ... Het hulle daarvoor gepraat dat dit vir hulle interessant is?
- A:** Ja.
- V:** Moeilike omstandighede is?
- A:** Ja, dit is moeilike omstandighede; dit is gevaarlike omstandighede ook, né, met sterk winde teen 'n steil wand. Ek het later uitgevind by Prins Edward dat die helikopterouens wil nie vir ons nader vlieg aan die plek nie; hulle is bang vir *updraft* en sulke goed.
- V:** Ja.
- A:** Hulle kan baie maklik neerstort. Ek dink nie hiér was soveel sprake daarvan nie. Maar dan natuurlik, wat baie belangrik was dink ek ook met die oog op die toekoms, is dat daar was 'n fotograaf by wat voorsien is deur die Lugmag. En hy het meeste van sy tyd in die helikopter gesit met sy kamera. Dit was 'n groot kamera met 'n glasplaatnegatief – só groot ding ... Ek dink dit was ... Nee, dit kan miskien film gewees het. Ja. Maar dit was in elk geval ... Die formaat was só groot ... Ek ... Nee, dit was nie glasplate nie; dit was 'n rolfilm ...
- V:** Maar dit was 'n groot ...
- A:** Dit was 'n rolfilm, maar dit was 'n spesiale kamera wat gebruik is. Beter as wat ons kon neem. En hy het die eiland van alle moontlike hoeke, het hy dit afgeneem.
- V:** En dit is waardevolle foto's.
- A:** En daai foto's het ek nou 'n stel; ek het nou 'n stel. Ja, daar is party van hulle wat ontbreek, maar dit was waarskynlik mislukkings. Die goed is almal genommer en ek het nou die presiese lokaliteite, het ek nou agterop; gaan ek nou agterop skryf.
- V:** Wonderlik.
- A:** So dan sal daar 'n volledige stel van daai foto's ... En ek dink dit is waardevol.
- V:** Nee, dit is waardevol.
- A:** Nie dat die eiland sal verander nie; hy sal waarskynlik maar nog net so lyk vandag. Ek glo nie daai ys het minder geword nie.
- V:** Het julle daai tyd geweet van Thompson-eiland, van die legendes rondom Thomson-eiland?
- A:** Ag, dit was maar wat mens gelees het, ja. Ek het dit ... Ek weet nie meer in watter weergawe word dit gemeld nie, maar dis maar in die ouer literatuur.
- V:** Nee, dit baie ouer literatuur.
- A:** Die ouer ... Nee wat, ek dink nie ...
- V:** Alhoewel, hier in die 1920's praat hulle nog van Thompson-eiland, maar ...

- A:** O ja, ek sien ... Ek het hier in die laaste sinnetjie van hierdie artikel, het ek gesê: “Was dit nie dalk ... Was dit nie dalk Lars-eiland wat hulle bedoel het nie?” Maar dis ... Ek dink nou nie ... Lars-eiland lê dáár.
- V:** Ja, so klein ...
- A:** Dis darem te naby. Maar as die hele Bouvet toe was onder die wolke en die mis, en hulle het net daai eilandjie gesien ... Maar ek weet nie. Dit is maar ‘n baie onwaarskynlike voorstel; ek moes dit nie eers gemaak het nie. Ek twyfel of dit kan wees. Want dis ‘n groot eiland, en dis baie naby.
- V:** En daai’s tog net ... Amper soos Boot Rock!
- A:** Ja, dis maar so plat eilandjie daar.
- V:** Oukei. Dan nou laastens, as ons dalk net gou-gou oor die toerisme ... Wat sou u argument vir of teen toerisme wees?
- A:** Ek dink Prof Van Zinderen-Bakker het vir ons almal oortuig dat hierdie is ‘n wonderlike stukkie natuur, wat bewaar moet word. Veral Prins Edward. En die Departement Vervoer, of wat hulle nou ... Omgewingsake, het dit later heeltmal aanvaar en oorgeneem. Hulle is nou baie strenger. In 1981 reeds, toe ons weer die tweede keer na Prins Edward toe gegaan het, was hulle al baie strenger. Toe moes ons ons stewels, ons *gumboots*, wat ons gehad het, moes afgespoel word op die skip, sodat jy nie grond van Marion-eiland oordra op Prins Edward-eiland nie. En hulle was baie meer huiwerig om mens toe te laat; die saak moes behoorlik uitgemaak word. En daar’s maar net enkeles toegelaat op Prins Edward. En ek dink dis vandag nog so; ek dink dis vandag nog baie strenger.
- V:** Ja, dis baie, baie skaars; ja.
- A:** Die eerste keer wat ons daar was, was daar nie helikopters nie. Ons het met rubberbootjies geland by Cave Bay, en ons was ‘n hele paar. Ek dink ons hele ekspedisie van vier ... Ons hele biologiese en geologiese groep is daar afgelaai. En ons het vyf dae of vier dae daar deurgebring. En dit was ... Die weer was baie beter en dit het minder gereën en so aan, en dit was baie meer ongerep. Daar’s nog daai foto met Golden Gate, daai pragtige geel kranse, met ons drie tentjies daarop. Dis waar ons gekamp het. So toe was hulle nie so streng oor alles wat toegelaat word nie. Maar ag, daar was later sprake ... Jy weet, die staatsamptenare, of die mense van die Departement Vervoer wou altyd iets doen om die plek makliker te maak vir die mense. So daar was sprake dat hier op Marion-eiland ‘n landingstrook opgerig moet word, want sê nou hulle moet met ‘n vliegtuig afvlieg om iemand spesiaal te gaan ophaal, dan sal dit baie help as daar ‘n landingstrook is. En Dr Conde was toe by die WNNR in beheer van al hierdie programme, of miskien nie in beheer nie, maar hy was in elk geval die amptenaar wat daarvoor ... Daar was natuurlik die kommittee bokant hom. En ons het toe saam met hom ‘n dik verslag opgestel, wat jy seker gesien het.

- V:** (Ja.)
- A:** Waarin ons gesê het nee, hulle moet tog asseblief nie daar 'n landingstrook nie, want dan gaan die plek verniel word en daar gaan te veel mense kom, en so aan. So ek was nogal bekommerd oor ... Toe ek nou onlangs, weet, weer hoor dat daar word nou so baie hutte opgerig en al dié dinge, toe't het ek vir Prof Chown gevra wat is die gevaar dat dit in 'n toeristebestemming kan ontaard en dat daar plesierskepe sal aandoen en so aan. Toe't hy gesê nee, dit is verhoed in die Wet. Dirk van Schalkwyk het nog gesorg dat daar 'n klousule inkom in die een of ander Wet oor omgewingsake, dat daar geen toerisme mag wees na Prins Edward-eiland nie. En daarmee stem ek natuurlik saam. Ek is baie bly daaroor. Ek dink ons is betreklik vroeg oortuig dat al hierdie uitheemse goed moet verdwyn van ... En dit moet opgeruim word, al die gemors wat daar ... Jy weet, die prosedure was dat al die kombuisgemors en so aan, is in die see in *gedump* by ... En dit is toe later gestaak. En hulle het opgeruim. Ek dink hulle het van die ... Net soos by Antarktika, waar hulle ook daai probleem het.
- V:** Ja. En dan, in terme van wetenskap, hoe belangrike bydrae aldan nie kan Marion en Prins Edward lewer, en Bouvet?
- A:** Wel, ek wil my nou nie uitspreek oor die biologiese belangrikheid of die ... Die werk wat Prof Chown-hulle nou doen, is blykbaar baie goeie werk, en jy weet, oor die bewaring van die plantegroei en so aan. Geologies het ons die basiese werk gedoen. Toe daar 'n erupsie gekom het, het ons nou aanleiding gekry om ... Dit het ek reeds vertel, het ons toe heelwat nuwe gegewens ingewin. Ons het heelwat publikasies uitgebring. Ons het nog nie 'n finale kaart gemaak nie. Hierdie kaart moet eintlik nou hersien word met die nuwe topografiese kaart wat nou beskikbaar is. Want ek het vir jare, het ek probeer om die driehoeksmetingkantoor in Mowbray te oortuig dat hulle moet met helikopters gaan vlieg ...
- V:** Oor die eiland ...
- A:** Oor die eiland gaan vlieg en roetes neem wanneer dit mooiweer is, sodat ons kan 'n behoorlike kaart maak, want hierdie is nog, op hierdie skaal, goed genoeg, maar dit is eintlik vormlyne; dit is nie akkurate kontoere nie. En uiteindelik het Wannacott dit toe reggekry, en hulle het dit toe gedoen, en hulle het satellietgegewens ook gebruik. So ek is baie bly dat dit uiteindelik, na 20 jaar omtrent, geslaag het. So ons het daarvoor gewag, en ons het meer gegewens nou oor die geologie as wat ons hierdie tyd gehad het, en wat ons graag op daai wil insit. So ek hoop ek kan nog gespaar bly om dit te voltooi. Ook wat die geochemie van die eiland betref, het ons net die basiese goed gedoen. Sedertdien, nadat Luc Chevalier gekom het, het ons meer as 100 chemiese analyses laat maak, en dit is nog nie verwerk nie. Dr Anton le Roux, in Kaapstad, is nou besig om dit te doen.
- V:** Ek moet by hom uitkom ...

- A:** So ek hoop dat daarso nog twee belangrike publikasies sal voortkom uit ons werk van ... nie net van '65 nie; eintlik van ná '65.
- V:** Nou dan 'n laaste vraag: hoekom, sou u sê, moet die belastingbetaler ... Hoe sal mens hulle oortuig dat Marion-eiland is belangrik vir Suid-Afrika?
- A:** Wel, ek ... Dit is wat ek in daai artikeltjie in "Technikon" probeer doen het, weet, om te sê al die verskillende aspekte wat belangrik is. Party daarvan is vandag nou nie meer so belangrik nie. Ek dink die weerkunde doen hulle nou van satellietwaarnemings; nie van eilandwaarnemings sodanig nie. Nee, ek dink omdat dit Suid-Afrikaanse grondgebied is, is dit ons verpligting, jy weet; behoort ons voort te gaan met wetenskaplike ondersoek – daar's nooit 'n einde aan wetenskaplike ondersoek nie. Elke keer wat jy vrae oplos, ontstaan daar nuwe vrae. Ek dink as daar weer 'n vulkaniese erupsie op Marion sou plaasvind, dan sal die geoloë weer geïnteresseerd raak. Daar moet altyd verslag gedoen word oor 'n vulkaniese erupsie. Daar word altyd vulkanoloë afgestuur na orals in die wêreld wat daar ... Veral as daar bewoonde plekke is. Ek dink nie hier is groot gevaar vir grootskaalse skade op hierdie eiland nie – dis 'n milde soort van vulkanisme wat daar plaasvind. Maar, uit die wetenskaplike oogpunt sal dit altyd interessant wees om dit te beskryf en die rots te laat analiseer om te kyk of daar variasie is, en so aan.
- V:** Oukey, dan my heel laaste vraag is: hoe sou u Marion-eiland beskryf? En u kan dit nou interpreteer soos u wil.
- A:** (Lag.) Ag, ek dink dis 'n wonderlike eiland, veral toe dit nog heeltemal ongerep, of byna ongerep, was; toe was dit 'n wonderlike plek om heen te gaan en die natuur te beleef. Ek hoop dit is nie alles iets van die verlede, met al die geriewe wat nou daar opgerig word nie. Ek meen vir ons wat dit 'n ekspedisie en 'n uitdaging en 'n groot avontuur. Hoeveel daarvan vandag nog oor is, weet ek nie. Maar ek dink dit sal altyd 'n natuurreservaat van 'n besondere tipe wees – heeltemal anders as wat ons in Suid-Afrika het. Ook die vulkanisme is iets wat ons nie in Suid-Afrika het nie, maar daar is baie ander lande wat dit wel het, so die vulkaniese verskynsels is nie só uniek miskien soos wat die biologiese verskynsels is nie. Maar, jy weet, vir ons is dit iets heel besonders, 'n leerskool vir vulkanologie – omtrent alles wat 'n mens in vulkanologie kán sien in die wêreld, kan jy op Marion-eiland sien. Nee, nie alles nie. Weet, hier's nie 'n groot krater in die middel nie, ensovoorts, maar daar's baie ander aspekte wat mens daar kan sien.
- V:** Mooi kan sien; oukey. En ...
- A:** So, ek weet nie of dit jou vraag antwoord wat ek dink van Marion nie. Nee, ek is baie lief vir Marion. Ek dink net ek is op hiërdie ouderdom nou nie meer lus om te gaan werk doen daar nie.
- V:** Vir 'n jolly te gaan nie?!

A: Maar ek het baie, baie wonderlike herinneringe oor die tyd wat ons daar deurgebring het; veral 1965 se ekspedisie.

V: Oukei. Baie dankie.

END VAN TRANSKRIPSIE